Die Tweede Seël

Goeienaand, vriende. Laat ons almal net ’n oomblik staan vir gebed, as julle sal.

2 Ons Hemelse Vader, ons het weer vergader in hierdie gewyde byeenkoms, vanaand, in die diens van die Here. En U het belowe dat waar ons ook al mekaar sou ontmoet, soveel soos twee of drie van ons, dat U in ons midde sou wees. En ons kan verseker wees dat U hier is, want ons het in Sy Naam vergader.

3 Nou bid ons, Vader, dat—dat U vanaand sal kom en hierdie Tweede Seël vir ons sal breek. En soos die—die digter gesê het, hy sou graag verby die gordyn van die tyd wou kyk. En dis ons begeerte, Here, is net om—net om verby te kyk en te sien wat voorlê. En ons bid dat die Lam wat geslag is, nou onder ons sal kom en die Seël sal breek, en—en Dit aan ons sal openbaar, die dinge wat ons behoefte het om te sien.

4 Daar is sommige hier, Here, wat nog nie in hierdie groot gemeenskap rondom Christus, ingegaan het nie. Ons bid dat, vanaand, dat hulle daardie Ewige besluit sal neem, gevul sal word met die Gees van God.

5 As daar enige siekes is, Vader, bid ons dat U hulle sal genees. Daar lê baie sakdoeke hier waarop ek my hande hou, in nagedagtenis van die—van die Bybel, van Paulus, waar hulle sakdoeke en voorskote van sy liggaam geneem het. Onrein geeste het die mense verlaat, en hulle is genees.

6 Ons sien die nabye Koms van die Here. Ons weet dat die tyd nader kom. Hierdie dinge het weer na die Kerk teruggekeer, na negentien honderd jaar.

7 Nou bid ons, Vader, dat U hierdie dinge sal toestaan wat ons vra. Versterk U dienskneg, en help U diensknegte oral, Here, en veral vir ons wat vanaand hier saam vergader is, dat ons in staat mag wees om die Woord te ontvang. Ons vra in Jesus’ Naam. Amen.

8 Regtig goed om weer vanaand terug te wees in die huis van die Here. En ek weet soveel van julle moet staan, ek—ek is jammer daaroor, maar daar is net omtrent niks meer wat ons kan doen nie. Ons—ons het die—die kerk net soos . . . het dit vergroot tot waar ons drie of vier, nog driehonderd of vierhonderd kan inkry. Maar in die spesiale byeenkomste soos hierdie, dra—dra dit ’n bietjie groter skare.

9 Nou, o, ek geniet dit sommer baie, om te bid, en hierdie—hierdie Seëls te bestudeer. Ek hoop julle geniet dit ook almal. [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Ek—ek is seker julle doen dit. En

as Dit vir julle soveel beteken as wat Dit vir my beteken, is dit 'n . . . geniet julle dit beslis baie. En ek het 'n . . .

10 Ek wil 'n vriendin van my bel, na die diens. En dis haar verjaarsdag. Sy is vandag twaalf jaar oud, Sarah, my dogter. En dan, volgende, oormôre, sal ek nog 'n oproep moet maak, want dis Becky se verjaarsdag.

11 En nou, vanaand, bestudeer ons hierdie Tweede Seël. En vir die eerste vier Seëls is daar vier perderuiters. En ek sê vir julle, vandag het weer iets gebeur. En, ek—ek, iets wat ek . . . Ek gaan haal die ou teks wat ek gehad het, waaroor ek lank gelede gepraat het, en het net daar gesit. En ek het gedink: "Wel, ek—ek het my uiterste bes gedoen." En baie skrywers en dinge, en ek het gedink: "Wel, ek sal 'n rukkie lees, en deurkyk en kyk na *dit* en *dat*." En voor jy jou kom kry, het daar net iets gebeur, en dis heeltemal anders. Dit kom net anders in. Toe gryp ek sommer gou 'n potlood, en begin skryf net so vinnig as wat ek kan, terwyl Hy daar is.

12 O, dis iets wat net so omtrent 'n halfuur terug gebeur het. Ek het Broer Wood vertel, op pad hiernatoe, net 'n paar minute gelede. Sommer iets, julle weet. Julle weet, daar gebeur 'n klomp dinge, waaroor jy net nie kan praat nie, julle weet. Maar iets het net plaasgevind wat my net soveel gehelp het.

13 Ek het 'n vriend hier êrens in die gebou. Natuurlik, is julle almal my vriende. Hierdie—hierdie broer is Broer Lee Vayle. Hy's 'n kosbare broer, en 'n ware student van die Skrif. Dr. Vayle is 'n Baptis met die Heilige Gees. En hy's 'n . . . Ek sê dit nie om te komplimenteer nie, ek sê dit omdat ek dit glo. Ek dink hy's een van die mees belese studente waarvan ek weet, in ons geledere. En hy het pas vir my 'n notatjie geskryf hier, en dit ingestuur daar by Billy. En Billy kon dit skaars uitmaak, vir my. En ek dink . . . Ek het dit nie deurgelees nie, maar ek wou net sê wat hy hier gesê het. En ek het dit pas gelees, Broer Vayle, as jy hier is. Ek het hierdie omtrent ses maande gelede gelees.

14 "Ek is nie seker nie," het hy gesê. "Broer Bill, ek is nie seker nie, maar ek dink Policarpus was 'n student van Johannes." Dis reg. Hy was. "Ek dink Irénaeus was 'n student van—van Policarpus." Dis reg, presies. "Irénaeus het gesê: 'Jesus sal terugkeer—sal terugkeer wanneer die laaste uitverkore lid van die Liggaam van Christus inkom.'"

15 Dit was Irénaeus, omtrent vierhonderd jaar by die . . . na die dood van Christus. Hy het gesê: "Wanneer hierdie laaste eeu aanbreek . . ." Nou, dit is in die—die Pre-Nicaea Raad. Julle kêrels hier, wat lees die—die . . . die Skrif bestudeer, en studeer die . . . ek bedoel, die geskiedenis van die Bybel bestudeer, jy kry dit in die pre- . . . in die Pre-Nicaea Raad. En ek dink dis die eerste boek of die tweede boek, sal jy—jy dit kry. En nou, hy het

dit, jare gelede gesien, toe hy gesê het: "By die laaste, laaste—laaste een wat uitverkies word, daardie uitverkorenes."

16 Mense dink dat uitverkiesing iets is wat net—wat net iets is wat onlangs hier opgekook is. Goeiste! Dis een van die oudste leringe wat ons het: uitverkiesing en roeping. En so Irénaeus, sekerlik, die ware studente van die Skrif, het altyd in uitverkiesing geglo.

17 En so, Irénaeus was een van die—die engele van die kerkeeu, soos ons gesien het, soos ons bestudeer het. Ons glo. Natuurlik, nou, hulle was almal verborgenhede. Hulle is almal hier, reg, weggesteek net hier in hierdie Seëls, julle sien. En hulle moet in die laaste dag geopenbaar word. Hoe hulle met Paulus begin het, en—en Irénaeus, en Martin, ensovoorts, deurlangs, en gekom het daar tot by die laaste eeu.

18 En, nou, ons vertrou nou dat die Here ons vanaand sal seën in ons pogings. Nou ons het . . . Die Eerste Seël, ek het dit regtig geniet. Die Eerste Seël, die seëninge wat, vir my, Daarmee saamgegaan het!

19 En nou wil ek—ek julle nie te lank hou nie. Maar, julle sien, ek—ek sal net nou weer gaan, oor 'n paar aande, en wanneer hierdie verby is. En ons moet 'n rukkie net soort van swaarkry. En ek waardeer . . .

20 Ek sien Broer Junior Jackson daar staan. Ek . . . En ek het gedink ek het Broer Ruddell 'n paar oomblikke gelede hier êrens gesien. En daardie broers, dis ons susterkerke wat laat uitkom het, en die ander. Ons waardeer dit regtig. En ek sien Broer Hooper, reken ek, wat daar teen die muur langs staan, vanaf Utica, die kerk daar. En ons waardeer regtig julle almal se mooi samewerking hierin.

21 Nou, gisteraand, soos ons altyd daarvan hou, by die leer oor die—oor die Seëls, leer ons dit net soos jy dit met die—met die—die kerkeeue doen. En toe ons klaargemaak het met die leer van die kerkeeu, die laaste keer, toe ek hulle hier uitgeteken het op die—op die preekstoel, op 'n bord, hoeveel onthou wat gebeur het? Hy het reguit afgekom, reguit na die muur toe gegaan daaragter, in 'n Lig, en dit Self afgeteken, net daar op die muur, reg voor ons almal. Die Engel van die Here het hier reg voor etlike honderde mense gestaan.

22 En nou Hy—Hy doen nou ook iets waarlik bonatuurliks, en so verwag ons net groot dinge. Ons weet nie . . . Jy wil net graag wag vir daardie—daardie groot afwagting, weet net nie wat volgende gaan gebeur nie, julle weet, net—net in afwagting. Nou, hoe groot is God teenoor ons, en hoe wonderlik! Ons waardeer Hom so!

23 Nou, die 1ste en 2de vers, ek sal Dit lees, om soort van 'n bietjie agtergrond te gee. En dan sal ons die 3de en 4de vers neem, vir die Tweede Seël. En dan is die 5de en 6de vers die Derde Seël. En die 7de en 8ste is die . . . Twee verse vir elke perderuiter. En

nou wil ek hê julle moet dophou hoe hierdie kêrels . . . Op hierdie vaal perd, miskien . . . Hier kom dit, bly net aan die verander soos dit voortgaan.

24 En dan moet daardie groot, laaste Seël oopgemaak word, as God sal, volgende Sondagaand! Wat, toe dit gebeur het, was daar net, slegs een ding wat plaasgevind het: "was stilte in die Hemel vir 'n halfuur." God help ons.

25 Nou, ek sal nou die 3de vers lees.

> *En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê, Kom kyk.*
>
> *En 'n ander perd, . . .* (4de vers) *. . . 'n vuurrooie, het uitgekom: en aan hom wat daarop sit is dit gegee om vrede van die aarde af weg te neem, . . . dat hulle mekaar sou doodmaak . . . hulle mekaar sou doodmaak: en 'n groot swaard is aan hom gegee.*

26 Nou, 'n verborge ding nou, toe die—die Lewende Wese vir Johannes gesê het: "Kom kyk net." En hy het nie gesien wat dit was nie. Hy het net 'n simbool gesien. En daardie simbool, waarom dit . . . Hy het gesê: "Kom, kyk," maar hy het 'n simbool gesien, dat hy dit vir die kerk moes simboliseer, op 'n manier dat hulle sou kyk; totdat dit by die laaste tydperk gekom het, en dan sou die Seël oopgemaak word.

27 Nou, almal verstaan dit nou, sien, die Seëls sou oopgemaak word. En is julle nie bly om in hierdie dag te lewe nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dat, sien, nie net dit nie, vriende, maar onthou nou altyd, verlede Sondagoggend, waarop die hele ding gebaseer was, eenvoud! Sien? Eenvoudig, nederig, gebeur op so 'n wyse dat mense net reg daarby verbygaan en nie eens weet Dit gebeur nie.

28 En, onthou, ons soek na die Koms van die Here, enige tyd nou. En wanneer ons . . . Ek het 'n stelling gemaak, dat ek, dat die Wegraping dalk net so sal wees. Dit sal weg, verby wees, en niemand sal enigiets daarvan weet nie. Dit sal net so kom. Sien? En gewoonlik . . . Gaan gerus terug deur die Bybel en kyk hoe dit so gebeur. Sien?

29 Selfs so 'n groot ding soos die Here Jesus se koms, niemand het enigiets daarvan af geweet nie. Hulle het gedink: "Daardie eksentrieke, iemand." Die kerke het gesê: "Net 'n fanatikus. Ons . . . Hy is regtig gek." Het gesê: "Hy's 'n kranksinnige." "Ons weet u is kranksinnig." *Kranksinnig* beteken "mal." "Ons weet u het 'n duiwel, en dit het u mal gemaak. En u probeer vir óns leer? Wanneer, u daar, buite-egtelik gebore is. Ons . . . U is in ontug gebore. Probeer mense soos ons leer, die priesters, ensovoorts, die tempel?" Wel, goeiste, dit was vir hulle 'n belediging.

30 Toe Johannes gekom het, gepraat oor hom, deur die tye heen, van Jesaja tot Maleági. Dis twaalf honderd . . . of sewehonderd-en-twaalf jaar, het die profete hom sien kom. Almal het daarna

uitgesien dat hy kom, het dit enige oomblik verwag. Maar soos hy gekom het, het hy gepreek en sy diens gelewer, en voortgegaan na Heerlikheid.

31 En selfs die apostels het dit nie geweet nie, want hulle het Hom gevra. Hulle het gesê: "Nou, as—as die Seun van die mens na Jerusalem gaan, al hierdie dinge, om geoffer te word," het gesê: "hoekom is dit dat die Skrifte sê, dat 'Elía eers gaan kom'?"

32 Jesus het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie. En hy het net presies gedoen wat die Skrifte gesê het hy sou doen. En hulle het aan hom gedoen net wat daar geskryf is." Sien? En hulle kon dit nie verstaan nie. Hy het gesê: "Dit was Johannes."

En, toe: "O!" Sien, hulle—hulle het daartoe ontwaak. Hulle . . .

33 En toe, selfs, ten laaste, na al die dinge wat Hy—Hy gedoen het, en die tekens wat Hy vir hulle gewys het, en hulle selfs geroep het. Het gesê: "Wie van julle kan My van sonde, ongeloof, veroordeel? As Ek nie gedoen het net wat die Skrifte gesê het dat My bediening sou doen wanneer Ek na die aarde toe kom nie, wys My dan waar Ek gesondig het. Sien? Dan sal Ek—sal Ek vir julle wys wat julle veronderstel is om te wees, en laat ons sien of julle dit glo, of nie." Sien? Hy sou reguit teruggekom en sê: "Julle was veronderstel om in My te glo wanneer Ek kom." Hulle het dit nie gedoen nie, sien, so hulle het van beter geweet as om Hom daaroor te probeer vastrek. Maar Hy het gesê: "Wie van julle kan My beskuldig van ongeloof? Sien? Het Ek nie gedoen net wat dit was nie?"

34 En selfs die apostels, wat saamgegaan het, het gestruikel. Ons weet hoe die Skrifte lui. Toe einde ten laaste, het hulle gesê: "Nou glo ons. Ons glo dat geen mens vir U hoef te vertel nie, want U weet alle dinge."

35 Nou, ek sou net daarvan gehou het om Sy gesig te sien. Hy moes na hulle gekyk het, gesê het: "Wel, glo julle nou? Uiteindelik het dit tot julle deurgedring." Wel, dit was miskien nie veronderstel om te gewees het, tot op daardie tydstip nie, julle sien. En God bewerk elke ding net reg, julle weet. Ek—ek het Hom so lief daaroor.

36 Maar nou dink ons aan ons eeu. Want, raak ek nou daaroor aan die praat, kom ons glad nie by hierdie Seëls uit nie.

37 En nou, onthou, ek kry baie versoeke vir gebed vir die siekes. En ek bid vir die . . . die heeltyd, vir elke versoek wat ek kry, en vir die sakdoeke en dinge. En as ons hierdie Seëls kan klaarmaak, tot by die laaste Seël, wil ons Sondagoggend . . . As dit die wil van die Here is, wil ons graag net 'n goeie outydse genesingsdiens hier hê, julle weet, waar jy net die hele oggend gebruik vir die bid vir die siekes. En ek—ek is baie seker dit sal 'n buitengewone genesingsdiens wees. Sien? Ek het net so 'n gevoel, julle sien. En

so, nie vreemd nie, maar dit mag dalk vir sommige vreemd wees, sien, wat ek bedoel.

38 Nou, hoe groot is God se genade, om Sy geheime aan ons te openbaar in hierdie dag! Nou, ons sal almal glo dat ons in die laaste dag lewe. Ons glo dit. En onthou, die geheime sou in die laaste dag geopenbaar word. En hoe openbaar Hy Sy Woord, Sy geheime? Die Bybel sê dit. Wil julle graag lees waar Hy dit sê? Laat ons net omblaai en kyk hoe Hy Sy geheime openbaar.

39 Nou ek wil hê julle moet Amos lees. Blaai na die Boek van Amos, en ek wil hê julle moet lees in die 3de hoofstuk van Amos, en die 7de vers. Goed. Ek sal die 6de vers ook lees.

> *Sal die basuin . . . in die stad geblaas word, en die bevolking nie skrik nie? sal daar 'n onheil in 'n stad voorval, as die* HERE *dit nie bewerk* het *nie?*
>
> *Want die Here . . . doen niks, tensy Hy sy* raadsbesluite *aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.*

40 Nou, in die laaste dae, is ons . . . Dis vir ons voorspel dat daar 'n—'n profeet sal opstaan.

41 Nou, ons weet ons het al die soorte gehad. Nou, ek besef, na ek vanaand rondgekyk het, ek—ek praat hier waar studente sit, en ek—ek wil graag hê julle moet my verstaan. En julle besef, hierdie bande dek die wêreld, sien, net omtrent die hele wêreld. En ek wil, hoegenaamd, nie hê julle moet dink, dat ek 'n—'n gedagte probeer voeg van Elía se komberse of mantels nie. En al—al daardie dinge, ons het baie van hulle gehad. Maar, julle weet, al daardie dinge is net 'n voorloper van die regte ding wat sal kom, om die mense te mislei.

42 Het julle geweet ons het valse—valse leiers sien opstaan, valse messiasse, voor Christus gekom het? Het nie, het die . . . Die leermeester van daardie dag, daardie groot leermeester, Gamaliël, toe die—die vraag opgeduik het oor die gésel van hierdie manne, ensovoorts, het hy gesê: "Laat hulle met rus. As dit van God is, wel, sal gevind word julle veg teen God. Maar as dit nie van God is nie . . ." Het gesê: "Het 'n man nie opgestaan, nie lank gelede, en vierhonderd die woestyn ingeneem, ensovoorts, nie? Ons het sulke dinge." Wat was dit? Loop almal die ware Ding vooruit wanneer Dit kom.

43 Nou, sien, Satan wek daardie op. Kyk na die listigheid van hierdie kêrel van wie ons hier praat, Satan, waar ons hom net hier ontvou; hom net kaal stroop, deur die Skrifte, en julle laat sien wie hy is. Dis wat die . . . wat veronderstel is om gedoen te word.

44 En, onthou julle, hy het nie probeer ingaan en 'n kommunis word nie, Satan het nie. Hy's 'n antichris. "So naby dat," het Jesus gesê: "selfs die Uitverkorenes mislei sou word . . ." En dis Diegene wat verborge is in hierdie Seëls, wie se name in die Boek is van die grondlegging van die wêreld af.

45 Hy's 'n listige kêrel. En wanneer hy hierdie ding sien kom, sien aankom, dan gooi hy alles wat hy kan daaruit, om dit te verongeluk voor dit daar aankom. Het julle geweet daar sal vals christusse opstaan in die laaste dae? Dit moet onmiddellik hierna volg, na hierdie groot Boodskap wat hierdie broer sal bring, wat werklik sal kom, gesalf sal wees met die gees van Elía, onmiddellik.

46 En hulle sal hom verkeerd aansien. Sommige van hulle sal dink hy is die Messias. Maar hy sal streng sê: "Nee." Want, daar moet deur ingekom word soos Johannes.

47 In die tyd van Johannes die Doper, toe hy daar begin preek het, het hulle vir hom gesê: "Is jy nie die Messias nie? Is jy nie Hy nie?"

48 Hy het gesê: "Ek is nie. Ek is dit nie werd om Sy skoene los te maak nie. Maar ek—ek doop julle met water, maar Hy sal doop met die Heilige Gees." En Johannes was so seker dat Hy op die aarde was, dat hy gesê het: "Hy is nou êrens onder julle."

49 Maar hy het Hom nie herken voor hy daardie teken op Hom sien neerdaal het nie. Toe, toe hy daardie Lig sien neerdaal en uitsprei soos 'n duif, en Hom verlig, het hy gesê: "Daar is Hy. Dis Hy." Maar Johannes was die enigste een wat Dit gesien het, julle weet. Johannes was die enigste een wat die Stem gehoor het. Al die res van hulle daar, nie een het Dit gehoor nie.

50 Maar dan wanneer die egte, ware dienskneg aankom; met al die nabootsing daarvan, dis om die mense se gemoed om te krap. Satan doen dit. En hulle wat nie reg van verkeerd kan onderskei nie, hulle struikel net. Maar die Uitverkorenes sal dit nie doen nie; die Bybel het gesê hy sal nie in staat wees om die Uitverkorenes te mislei nie. En nou, net voor die Koms van Christus, het die Bybel gesê: "Daar sal valse christusse opstaan, en voorgee om Christus te wees, en sal sê: 'Kyk, die mense sê Hy is in die woestyn.' Moet dit nie glo nie. 'Kyk, Hy is in die geheime kamer.' Moet dit nie glo nie."

51 "Want soos die son van die ooste na die weste skyn, so sal die Koms van die Seun van die mens wees." Sien? Ja, Hy sal—Hy sal—Hy sal verskyn, en dit sal iets universeel wees. En nou sal dit, nou, natuurlik, wanneer hulle uitvind dat iets plaasgevind het, julle sien, dan sal hulle . . . Nou, onthou, dit sal plaasvind onmiddellik na die Huis-toe-gaan van die Kerk, na die Wegraping.

52 Nou daar sal valse nabootsings wees, die hele tyd, en ons wil nie met enigiets van dié aard verbind word nie. Nee, meneer.

53 En ek glo, wanneer die persoon kom, hierdie een wat voorspel is om te kom, ek wys dit net deur die Skrif, dat die man 'n profeet sal moet wees. Hy sal beslis moet. En die openbaring van God, want God . . . Die Woord van die Here kom na Sy profete. Dis presies reg. Dis . . . En God kan nie verander nie, julle sien. As Hy

'n beter stelsel gehad het, sou Hy—sou Hy dit gebruik het. Maar Hy—Hy het . . . Hy het die beste stelsel in die begin gekies.

54 Net soos, Hy kon die son gekies het om die Evangelie te verkondig. Hy kon die maan gekies het. Hy kon die—die wind gekies het. Maar Hy het die mens gekies. En Hy het nooit groepe gekies nie. Individue! Sien?

55 En nooit twee groot profete tegelykertyd op die aarde nie. Sien, elke mens is verskillend, hy het 'n verskillende samestelling. As God een persoon, dis al wat Hy nodig het, volkome in Sy hand kan kry, kan Hy doen wat Hy wil. Hy hoef net een te hê. In die dae van Noag; dae van Elía; dae van Moses.

56 Baie het opgestaan, in Moses se tyd. Julle weet hoe hulle het, en wou sê: "Wel, jy is nie die enigste heilige een in die groep nie," en—en Datan en—en Korag.

57 En God het gesê: "Sonder net jouself af. Ek sal net die aarde oopmaak en hulle verswelg." Julle sien? En—en so . . .

58 En toe het die mense begin murmureer. Hy het gesê: "Ek sal net—Ek sal sommer net die hele ding wegneem."

59 En daar het Moses toe die plek van Christus ingeneem, deur self in die bresse te tree, en te sê: "Moet dit nie doen nie, Here." Sien? En, natuurlik, het hy . . . Nadat Hy Moses beskik het om dit te doen, het Hy nie bo-oor Moses gegaan nie, want hy het op daardie oomblik soos Christus opgetree. Dit was Christus in Moses. Absoluut.

60 Nou, ons is so bly dat God Homself vandag aan ons openbaar. En ek glo die groot Dag begin net te skemer, te breek. Die Ligte begin flikker. Die paradysvoëls het begin sing in die heiliges se hart. Hulle weet dit is nie meer lank nie. Iets gaan gebeur, dit moet net. So as "Hy nie enigiets doen . . . "

61 Nou, die hele Skrif is geïnspireerd. Die Skrifte moet absoluut die Waarheid wees. Daar kom jy nie verby nie. Dit is waar ek verskil van ons vriende, die Katolieke kerk. Ek glo nie Dit is net sommer deur gewone mense geskryf nie. Ek glo dit is deur die Heilige Gees beweeg. En al hierdie dingetjies wat bygevoeg is, probeer om Daaraan toe te voeg; het julle opgelet, met die oplos, is hulle elke een uitgeskop.

62 En hierdie egte, ware Skrifte pas in by mekaar, tot daar—daar geen weerspreking in hulle is nie, nêrens hoegenaamd nie. Wys my een stuk letterkunde wat 'n—wat 'n vers kan skryf, kwalik, sonder om homself te weerspreek, of 'n vers, of twee, skryf—skryf. En die Bybel weerspreek Homself, nêrens nie. Ek het al gelees die ou kritici sê dit, maar ek het al lankal 'n uitdaging vir hom, om vir my te wys waar dit is. Dit is nie hierin nie. Dit is net omdat die menslike brein deurmekaar is. God is nie deurmekaar nie. Hy weet wat Hy doen. Hy weet.

63 Kyk, as God die wêreld gaan oordeel deur 'n kerk, soos die Katolieke kerk sê dit is, nou goed, watter kerk is dit dan? Kyk net na die kerke wat ons het. Ons het negehonderd-en-iets, verskillende organisasies van kerke. Nou hoe . . . Die een leer *sus*, en een *so*. Wat 'n deurmekaarspul, dan, doen elkeen maar net wat hy wil, jy gaan in elk geval voort. God moet een of ander standaard hê, en dis Sy Woord.

64 Gepraat . . . Nou nie om op die Katoliek te reflekteer nie, want die—die Protestant is net so erg. Maar gepraat met 'n priester, hy het gesê: "Mnr. Branham," hy het gesê: "God is in Sy kerk."

65 Ek het gesê: "Meneer, God is in Sy Woord. En Hy is die Woord." Ja, meneer.

Hy het gesê: "Wel, Hy's in . . . Die kerk is onfeilbaar."

66 Ek het gesê: "Hy sê dit nie. Maar Hy het gesê die Woord is onfeilbaar."

67 Hy het gesê: "Wel, ons het altyd die doop so geleer, ensovoorts."

Ek het gesê: "Wanneer?"

Het gesê: "Destyds in die vroeë dae."

Ek het gesê: "Gee jy toe dat dit die Katolieke kerk is?"

Hy het gesê: "Ja."

68 Ek het gesê: "Dan is ek Katoliek, outydse Katoliek. Ek glo die outydse manier. Julle kêrels van vandag het Dit alles deurmekaar, en byna niks in die Skrif wat julle leer nie. Bemiddeling deur vroue en dooie mense, en al hierdie ander dinge, en, o, goeiste, nie-vlees-eet nie, en, o, ek weet nie wat alles nie, sien." Ek het gesê: "Kry jy dit vir my in die Skrif."

69 Hy het gesê: "Dit hoef nie daar te wees nie. Solank die kerk so sê, is dit so. Maak geen verskil wat Dit sê nie, dis die kerk."

70 Ek het gesê: "Die Bybel het gesê, dat: 'Wie ook al een woord Daaraan sal toevoeg, of Een wegneem, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe.' So, dis die Woord! Ek glo die Woord."

71 Nou, en, dan, as Amos sê, en ander Skrifte wat daarmee saamgaan, dat as . . .

72 En julle onthou, hieroor, ons raak net die hoogtepunte Daarvan aan. Net, goeiste, as . . . Wanneer ek daar in daardie kamer kom, en—en daardie Salwing kom in, as ek kon neerskryf wat Hy . . . alles wat aangaan, sou ek vir drie maande by een van die Seëls wees hier. So raak net die plekke aan en laat Dit uit, net wat dit skyn te wees, wat nie die mense sal laat stik nie. Maar, tog, nie genoeg om hulle te skaad nie, maar net sodat dit, met geloof, die ding sou—sou smaak gee. Julle weet wat ek bedoel.

73 Nou, kyk nou hierna, as: "God doen niks," het Amos gesê: "tensy Hy dit eers aan Sy diensknegte, die profete, openbaar nie." En, dan, ons sien wat Hy doen. Dit moet wees dat Hy gereed maak om iets te doen, wat Hy nou openbaar. God maak klaar om op die toneel te verskyn, met oordeel, glo ek. Hy maak klaar om iets te doen. En weereens, dit getuig sekerlik, ons is in die laaste dae. Ons is aan die einde van die eeu, die Laodicése Kerkeeu nou, want hierdie dinge sou net in die laaste dag geopenbaar word.

74 Nou, dink nou net daaraan. Laat ons net—net probeer om te laat insink wat ons glo die Heilige Gees wil hê ons moet weet.

75 Nou onthou: "Niks word geopenbaar nie; God sal niks doen, glad nie, tensy Hy dit eers aan Sy diensknegte, die profete, openbaar nie." En voor Hy enigiets doen, openbaar Hy dit. En wanneer Hy dit openbaar, kan jy dit onthou, is iets op pad. Sien, dit word geopenbaar.

76 En hierdie dinge, waaroor ons praat, moes geopenbaar word in die laaste dag, net voor die laaste Basuin, aan die einde van die Boodskap van die laaste kerkeeu. Dis reg. As julle dit nou wil lees, kan julle blaai na . . . Julle, ek het julle pas, gisteraand, drie keer verwys, na Openbaring 10:1-7, sien. "En in die dae van die stem van die sewende engel se Boodskap, sal die verborgenheid van God geopenbaar en beëindig word." En daar bly net een ding oor. Wanneer hierdie sewe-verseëlde Boek oopgemaak word, dan sal die hele verborgenheid van God . . .

77 Wel, ons het Daarna gesoek, vir jare. En volgens die Skrif, toe, ons . . . Daar was geen manier om Dit te verstaan, tot vandag nie, want Dit was verborge. Ons het die simbool gesien, waardeur Dit gesimboliseer is, maar Dit kon nie korrek geopenbaar word voor die laaste dag nie. Sien? Nou, dan moet ons daar wees, by die—by die endtyd.

78 Nou, onthou. Moenie . . . En moet nou nie vergeet nie, dat: "Hy doen niks, tensy Hy dit openbaar nie." En moet ook nie vergeet nie, dat Hy dit op so 'n eenvoudige manier doen, dat: "Die wyse en die verstandige dit miskyk." Nou, as julle dit wil aanteken, dis Matthéüs 11:25-26. En onthou: "Hy doen niks, tensy Hy dit openbaar nie." En Hy openbaar dit op so 'n manier, dat die slim, geleerde mense dit miskyk. Onthou, dit was wysheid wat die wêreld begeer het, in plaas van die Woord, toe die eerste sonde gedoen het wat dit het. Moet dit nou nie vergeet nie. O, hoe dankbaar behoort ons te wees, om daaraan te dink!

79 Nou kyk net na die dinge wat gebeur! Kyk na die dinge wat Hy ons vertel het! Kyk net hier in hierdie tabernakel, julle mense saam met wie ons hier grootgeword het. Nou ek gaan vra die bande . . . Wel, gaan voort, neem dit op. Maar, kyk, ek gaan net hierdie vir die tabernakelmense sê, julle wat hier was. Ek daag enigeen van julle uit, in die Naam van die Here Jesus, om ooit julle vinger op een ding te plaas, van die honderde dinge wat

vertel is voor hulle gebeur het, en te sê dit het nie gebeur nie. Noem vir my een keer, dat op die platvorm, daarbuite, waar dit ook al was, dat Hy ooit enigiets gesê het wat nie perfek net presies so was nie. Hoe? Kon 'n menslike verstand so wees? Sekerlik nie.

80 Toe Hy verskyn het daaronder op die rivier, drie-en-dertig jaar gelede, hierdie komende Junie, in die vorm van 'n Lig! Julle ouer mense onthou dat ek vir julle vertel het, vandat ek 'n seuntjie was, daardie Stem en daardie Lig. En mense het gedink, net soort van 'n bietjie van die kop af. Natuurlik, ek sou waarskynlik dieselfde gedink het, as iemand dit gesê het. Maar nou hoef julle nie nou Daaroor te wonder nie. En die Kerk het van 1933 af nie gewonder nie, daaronder op die rivier daardie dag, waar ek honderde mense gedoop het!

81 Ek onthou daardie Marra-seun het vir my gesê, het gesê: "Gaan jy af om daardie mense onder die water te druk, Billy?" Klein Jim Marra hieronder, ek dink hy is nou dood. Ek dink hy is daarbuite doodgemaak; een of ander vrou het hom geskiet. Maar hy—hy het my gevra: "Gaan jy daardie mense onder die water gaan indruk?"

82 Ek het gesê: "Nee, meneer. Ek gaan om hulle te doop in die Naam van ons Here Jesus."

83 En daar het 'n vrou in die groep saamgegaan. Sy het vir 'n ander vrou gesê, sy het gesê. . . het 'n opmerking gemaak, iets daaroor. Sy het gesê: "Wel, dit hinder my nie om onder die water gedruk te word nie." Het gesê: "Dis in die haak. Ek gee nie om nie."

84 Ek het gesê: "Gaan terug en bekeer jou. Jy is nie geskik om in die Naam van Jesus Christus gedoop te word nie." Sien?

85 Hierdie is nie iets om mee te speel nie. Dis die Evangelie van Christus, geopenbaar deur 'n opdrag, die Woord. Net, nou, as jy sê: "Onsin en dwaasheid," kon jy dit êrens anders geplaas het. Maar, onthou, daar word in die Woord belowe dat dit sou gebeur, en net presies wat dit sou wees. En hier is dit.

86 Dan, daardie dag daaronder, toe hulle by die rivier gestaan het! En die Engel van die Here, wat ek vir julle gesê het dat dit gelyk het soos 'n—'n ster of iets in die verte, toe het Dit naby gekom, en vir julle gesê hoe die smarag Lig gelyk het. En daar het Dit reg op die rivier afgekom waar ek gedoop het.

87 Toe, besigheidsmanne hieronder in die stad, gesê het: "Wat het dit beteken?"

88 Ek het gesê: "Dit was nie vir my nie. Dit was vir julle. Ek glo. Sien? Dit was om julle onthalwe, wat God dit gedoen het, om julle te laat weet dat ek julle die Waarheid vertel." Aangesien ek 'n kind, 'n seun, soort van, en omtrent een-en-twintig jaar oud was, wou hulle—hulle dit nie glo nie, julle sien, want dis te veel vir 'n kind. En dan het ek gedink. . .

89 Broer Roberson hier, een van ons trustees, ek het hom 'n paar minute gelede hier gesien. Hy het my nou die dag vertel dat hy in Houston was toe die foto, wat julle sien, daar geneem is. En ek was . . . Oor daardie debat, het ek nou die aand iets begin sê. Broer Roy was die enigste . . . en nog een ander man, was die enigste persoon in die groep met 'n opnemer. Dit was een van daardie outydse draadopnemers. Ek sien nou vir Broer Roberson, en sy vrou. So, en—en dit, Mev. Roberson was siek.

90 Broer Roy was 'n veteraan. En sy bene is opgeblaas, en hulle het hom vir dood uitgelê. Hy was 'n offisier in die—in die Leër. En 'n Duitse 88 het hierdie tenk getref waarby hy was, en dit het die man net doodgemaak, en hom aan stukke geblaas. Hulle het hom uitgelê, vir dood, vir 'n lang tyd. En hulle het gesê hy sou nooit weer loop nie, want albei bene was afgesny, die senuwees in hulle, en dinge. Goeiste, hy kan byna vir my wegstap.

91 Maar wat was dit? Daar was iets wat hy gesien het, en hy het Houston toe gegaan. En hy het my vertel van sy vrou. En hy het die—hy het die draad; hy gaan dit op 'n band sit. En na die dienste hier oor is, wel, gaan hy, hoop ek, dit vir julle almal speel. En daar op die ou draadband, het hy my dienste wat in Houston gehou is. En toe het sy vrou, het hy gesê, dit daarop gekry, en hy het dit nooit opgelet voor nou die dag nie.

92 Sy was, o, sy was so treurig. Sy was siek, en sy wou in die gebedsry kom. Hulle het my nie geken nie, en ek het hulle toe nog nooit in my lewe gesien nie. So sy het daardie dag by 'n —'n venster gesit en uitkyk, en so terneergedruk, julle weet, en ontsteld, en het gewens sy kon 'n gebedskaartjie kry, om in die ry te kom.

93 En, soos dit gebeur het, het sy daardie aand in die ry gekom, of die aand daarna, of iets. Ek dink, dieselfde aand. En sy het in die ry gekom. En toe sy bo gekom het op die platvorm, het die Heilige Gees vir haar vertel, gesê: "Nou, jy is nie van hier nie. Jy's van 'n stad genaamd New Albany." En gesê: "Jy het vandag by 'n venster gesit en uitkyk, en was baie bekommerd om 'n gebedskaart te kry." Daar is dit, op die band, jare gelede.

94 En toe aan die begin van die diens, toe die Heilige Gees daar was . . . Dit was die eerste van die diens. Ons het net omtrent drieduisend mense gehad, toe het ons na agtduisend gegaan, toe tot omtrent dertigduisend. So toe in die . . . Terwyl ek gepraat het by die . . . Een van die heel eerste dienste, het ek gesê: "Ek weet nie waarom ek dit sê nie." Nou, dit is op die band. "Maar, dis, ons is . . . Hierdie gaan een van die hoogtepunte van my tyd wees. Iets gaan gedurende hierdie diens gebeur, wat groter gaan wees as wat enigeen nog tot dusver gesien het."

95 En dit was net omtrent agt of nege, tien aande daarna, toe die Engel van die Here voor omtrent dertigduisend mense verskyn, en neergedaal het, en die foto geneem is. Daar is Dit, nou nog,

wat in Washington, DC, onder kopiereg geplaas is, as die enigste bonatuurlike Wese wat ooit in die wêreld gefotografeer is.

96 Toe het ek gepraat oor, julle weet, gesê dat somtyds, onder die onderskeiding, sê: "'n Persoon omskadu is deur die dood. Daar is 'n donker kap, van 'n skaduwee. Hulle gaan binnekort sterf."

97 En toe hierbo in East Pines, of Southern Pines, dink ek is dit, net toe ek daar was in die laaste diens. 'n Klein dametjie wat daar sit, en Iets het vir haar gesê: "Neem daardie foto, gou-gou," terwyl ek besig was om met 'n dame te praat. En daar was dit. Ek dink dit sal op die kennisgewingbord wees; was alreeds vir 'n hele ruk daar. Daar is daardie donker kap wat regoor die dame hang.

98 Sy het nog 'n foto geneem, net toe die Heilige Gees dit aangekondig het. Dit was weg. Het gesê: "Jy gaan genees word. Die Here het jou genees. Die kanker is weg." En daar was dit. En sy is genees. Sien? Daar het jy dit. Sien?

99 Dit wys jou net dat God weet hoe laat dit in die dag is. Ons weet nie. Ons moet Hom net gehoorsaam.

100 Nou, ons kan net aanhou praat, maar kom ons kom nou hieronder, net vir 'n minuut, en hierdie agterste Seël aanraak, sodat ons hierdie een Daarby kan inskakel. Nou, net 'n terugskouïng, vir 'n paar oomb-. . . 'n paar oomblikke, die—die ander, die Eerste Seël.

101 Ons let op, met die breek van die Eerste Seël, het Satan 'n —'n super, godsdienstige man. Het julle daardie ruiter op die wit perd opgelet? Wat, hulle, daar is gedink dat dit 'n. . . die vroeë Kerk was wat uitgaan; maar, o, goeiste, dis deur die jare geleer, maar dit kon nie wees nie. Kyk maar net as die res van hulle, as ons hulle almal saamgevat het, kyk dan waar dit is, sien. Nou, en ek weet nog nie wat die res van hulle gaan wees nie. Maar ek weet dit moet net perfek daar inkom, want dis die Waarheid. Dis die Waarheid. Dit was die hiërargie-kerk van Rome, presies.

102 Hierdie mense wat dink die Jode is die antichris, hulle is beslis 'n miljoen myl van die merk af. Julle moet nooit dink die Jode is 'n antichris nie. Hulle oë is verblind, doelbewustelik, sodat ons 'n manier kon hê om in te kom, wat ons 'n tyd van bekering gegee het.

103 Maar die antichris is 'n Heiden. Sekerlik. Dit is 'n nabootser van die Waarheid; *anti*: "teen." Nou, hierdie groot superman, o, hoe het hy nie 'n groot man geword nie, en—en is toe uiteindelik op 'n troon geplaas. En dan, na hy op die troon geplaas is, is hy gekroon. En nou, hy, daarna, is hy aanbid in die plek van God.

104 Nou, kyk, voor dit ooit gekom het. Ek wil julle iets vra. Wie was dit? Wat was Dit op Paulus, in Twee Tessalonicense 2:3, wat gesê het daardie man sou kom? Waarom het daardie man deur die

eeu heen gekyk en dit gesien? Hy was God se profeet. Sekerlik. Waarom is . . .

105 Hy het gesê: "Die Gees sê uitdruklik, dat hulle in die laaste tye sou afwyk van die geloof, en ag sou slaan op verleidelike . . . " Julle weet wat *verlei* is. 'n Verleidelike gees in die kerk, dit is geestelikes. "Verleidelike, geestelike gees, werkinge van duiwels; skynheiligheide in die kerk."

106 "Roekeloos, verwaand" wysheid, julle sien, slim, intelligent; "met 'n gedaante van godsaligheid." (Gaan sê net: "Wel, ons is Christene; ons behoort kerk toe te gaan.") "Met 'n gedaante van godsaligheid, maar verloën die openbarings, die Krag en die werking van die Gees; keer jou ook van hierdie mense af." Sien? Let nou op, hy het gesê: "Want dit is hulle wat in die huise insluip, en arme vroue sal mislei . . . " Dit beteken nie Heilige Gees vroue nie. "Lawwe vroue wat weggelok word deur allerhande begeerlikhede."

107 Allerhande begeerlikhede! Hulle hou so daarvan om betrokke te raak by elke dingetjie waarby hulle betrokke kan raak, en allerhande tipes verenigings; en lewe net soos hulle wil, en, tog: "Ons gaan kerk toe. Ons is net so goed soos enigeen." Danse, partytjies, knip hulle hare, verf, trek enigiets aan wat hulle wil; tog: "Ons is—ons is Pinkstermense. Ons is—ons is net so goed soos enigeen." O! Jou eie werke identifiseer jou. Let op.

108 Maar hy het gesê: "Mense van verdorwe verstand, ten opsigte van die Waarheid." Wat is die Waarheid? Die Woord, wat Christus is. "Ten opsigte van die Waarheid."

109 "O, jy maak . . . Jy, jy's 'n vrouedrywer. Jy's 'n vrouehater. Jy doen *dit, dat*."

110 Nee, meneer. Dis nie reg nie. Dis 'n—'n onwaarheid. Ek haat nie vroue nie. Nee, meneer. Hulle is my susters, as hulle susters is. Maar die ding wat ek . . .

111 Liefde korrigeer. As dit nie korrigeer nie, is dit nie liefde nie. As dit is, dan, as dit liefde is, is dit—is dit phileo-liefde en nie agapao nie, dit sal ek vir julle sê. Hulle mag 'n bietjie phileo-liefde hê vir een of ander mooi dame. Maar agapao-liefde is iets anders, dis 'n liefde wat die ding regstel, en God oorkant iewers ontmoet waar ons vir Ewig kan lewe. Sien? Ek het dit, miskien, nie bedoel soos dit geklink het nie, maar ek . . . Julle weet wat ek—ek . . . Ek hoop julle verstaan. Goed.

112 Nou, maar, onthou, hy het gesê: "Soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het, so sal hulle. Maar hulle dwaasheid is gou gemanifesteer."

113 Waarom? Toe Moses beveel is om iets te doen wat radikaal gelyk het, maar, het hy soontoe gegaan, so opreg as wat hy kon wees. En God het vir hom gesê om hierdie te vat, hierdie staf te

vat, en dit neer te gooi, en dit sou in ’n slang verander. Toe, het Hy dit gedoen, om vir hom te wys dat dit sou gebeur. En voor Farao, het hy daar gestaan net soos God hom beveel het, en sy staf neergegooi, en dit het in ’n slang verander.

114 En waarskynlik, het Farao gesê: “’n Goedkoop towerkunsie!” So hy gaan haal sy Jannes en Jambres. Het gesê: “Ons kan ook daardie dinge doen.” En hy het die staf neergegooi, en hulle het slange geword.

Nou wat kon Moses doen?

115 Wat was dit? Dit het getoon dat, vir elke egte ding van God, het die duiwel ’n nabootser daarvoor. Hulle boots na, om die mense van die spoor af te gooi.

116 Wat het Moses gedoen, gesê: “Wel, ek skat ek het ’n fout gemaak. Ek moet liewer teruggaan”? Hy het net stilgestaan, want hy het sy opdrag uitgevoer, tot die letter.

117 Toe, voor jy weet waar jy is, het Moses se slang die ander een opgeëet. Sien? Het julle ooit gedink wat van daardie ander slang geword het? Waarheen het hy gegaan? Moses het die staf opgetel en uitgeloop daarmee. Hy het wonderwerke verrig daarmee. En daardie slang was binne-in hierdie ander staf. Sien? Dis wonderlik. Is dit nie? Ja, meneer.

118 Nou, kom die antichris geleidelik te voorskyn. Ek wil hê julle moet dit oplet. Nou, as jy hoor . . .

119 Nou, aan my Katolieke vriende, sit net stil vir net ’n minuut, en nou; en dan gaan ons sien waar die Protestante; waar ons almal is, sien.

120 Let op, die eerste kerk, as die Katolieke kerk sê dat hulle die eerste, die oorspronklike kerk was, is hulle presies reg. Hulle was. Hulle het by Pinkster begin. Dis waar die Katolieke kerk begin het. Nou, ek het op ’n tyd dit skaars geglo, tot ek die geskiedenis gelees het, en ek uitgevind het dis reg. Hulle het by Pinkster begin. Maar hulle het begin afwyk, en julle sien waar hulle is.

121 En as die Pinksterbeweging afwyk met die spoed waarteen dit nou afwyk, sal hulle nie tweeduisend jaar hoef te gaan nie. Oor ’n honderd jaar van nou af, sal hulle verder weg wees as wat die Katolieke kerk is. Dis reg.

122 Maar let op, hoe, hierdie ruiter op die wit perd. Nou ons gee net ’n bietjie agtergrond daarvoor, voor ons by hierdie Seël kom. Nou let op, die ruiter op die wit perd, toe hy uitgegaan het, dien hy—hy in drie stadia. Die duiwel, soos ek nou die aand vir julle bewys het, is in ’n drie-eenheid, net soos God. Maar dis die heeltyd dieselfde duiwel, in drie stadia. Let op sy stadia. In die eerste stadium, het hy ingekom . . .

123 Die Heilige Gees het neergedaal, en mense het alles gemeenskaplik gehad. En die Gees van God was op hulle. En die

apostels het van huis tot huis gegaan, brood gebreek saam met die mense. En daar is groot tekens en wonders bewerk.

124 En—en dan, voor jy weet waar jy is, het Satan begin veroorsaak dat 'n gemurmureer ontstaan.

125 Toe, na 'n ruk, het hierdie slawe en die armes van die land, wat die Heilige Gees ontvang het, het hulle na verskillende plekke uitgegaan, en getuig. Hulle het teenoor hulle meesters getuig.

126 En na 'n ruk, het daar begin kom, o, soos leërkapteins en—en die verskillende mense. Die hoogwaardigheidsbekleërs het die moedigheid begin sien, en die wonderwerke en tekens wat hierdie mense gedoen het, so hulle het Christendom aangeneem.

127 Wel toe, julle sien, toe hy Christendom aanvaar het, en gegaan het na 'n plek waar hulle vergader, in 'n klein ou donker, bedompige saaltjie; en hulle hande klap, en uitroep, en in tale praat, en boodskappe ontvang. Wel, hy kon dit nog nooit na sy—sy mededinger, of wat dit ook al is, in sy besigheid, toe neem nie. "Hy sou Dit nooit so glo nie." Sekerlik nie. So, hy moet Dit opsmuk. So hulle begin saamkom, en begin dink: "Nou sal ons ietsie anders vorm."

128 En Jesus, sommer dadelik, in die eerste kerkeeu, het Hy vir hulle gesê. Hier in die 2de hoofstuk van Openbaring: "Ek het iets teen julle, vanweë hierdie dade van die Nikolaïete."

129 *Nikao*: "oorwin" die lekedom. Met ander woorde, hulle wil maak, in plaas daarvan dat almal een is, wil hulle een of ander heilige kêrel maak. Hulle wou maak dat een of ander soort van 'n. . . Hulle wou dit 'n heidense patroon gee, waaruit hulle gekom het, en hulle het dit uiteindelik gedoen.

130 Nou kyk. Eers: "Nikolaïeties." Die *Nikolaïetiese* is genoem, in die Bybel: "antichris," want dit was teen die oorspronklike Leerstelling van Christus en die apostels.

131 Ek wil nie hierdie man se naam noem nie. Hy is 'n groot man. Maar ek was by sy byeenkoms, hier 'n paar jaar gelede. En hy het geweet ek is daar, want ek het sy hand geskud. En hy het gesê: "O, julle weet, ons het vandag diésulkes wat hulle Pinksters noem." En hy het gesê: "Hulle, hulle vertrou op die Boek van Handelinge." En hy het gesê: "Julle sien, die Handelinge was net steierwerk vir die Kerk."

132 Kan jy jou voorstel, dat 'n man wat die Bybel bestudeer het, 'n moedige ou man, en wat die Bybel bestudeer het soos daardie kêrel het, en dan so 'n opmerking kan maak? Dit het geklink, dit het nie. . . Dit—dit klink nie eers soos die Heilige Gees nie. Wel, dit kan, hoegenaamd, nie wees nie.

133 Want, enigeen met gewone begrip, sou weet dat die Handelinge van die Apostels nie die handelinge van die apostels was nie. Dit was die handelinge van die Heilige Gees in die

apostels. Weet julle nie hoe ons dit uitgespel het in die kerkeeue nie? Daardie Lewende Wesens wat daar sit, wat daardie Ark daar bewaak. Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes, wat daar staan, Daarna kyk. En Daarin is wat gebeur het, as gevolg van die skrywe van Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes.

134 Dis wat die boom sy . . . eerste tak voortgebring het, en dis wat gebeur het. En as daardie boom ooit nog 'n tak voortbring, sal hulle nog 'n Boek van Handelinge agterna skryf. Want, julle sien, dieselfde Lewe moet in dieselfde ding wees.

135 So nou, vandag, as ons na ons denominasionele kerke kyk, Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, Lutherse, Kerk van Christus (sogenaamd), en Pinksters en dinge, waar kry ons dit? Jy kry dit nie.

136 Ek sal toegee dat die Pinksters die naaste ding Daaraan het, wat daar is, wat hulle is hierbo in die Laodicése Kerkeeu. Hulle het Waarheid gehad en Dit verwerp. Hulle het louwarm geraak Daarmee, en God het hulle uit Sy mond uitgespuug. Dis presies volgens die Skrif.

137 Jy kan nie daardie Skrifte laat lieg nie. Sien? Hulle gaan altyd waar wees. Moenie probeer om . . . Net die een ding, moenie probeer om jou gedagte in lyn te bring met die . . . of die Skrifte met jou gedagte nie. Maar her- . . . bring jouself in lyn met die Skrifte. Dis, dan wandel jy met God. Maak nie saak hoeveel jy moet wegsny, of aflê nie, kom in lyn Daarmee. Sien?

138 Kyk wat Dit gedoen het die eerste keer dat Dit neergedaal het. Wel, as God die eerste keer so opgetree het, moet Hy die tweede keer so optree. Hy moet elke keer so optree, of Hy het die eerste keer verkeerd opgetree.

Sien, ons as sterflikes, ons kan foute maak. God kan nie.

139 God se eerste besluit is perfek. En hoe Hy besluit het om dinge te doen, daar kan nie 'n ander, beter manier wees nie. Hy kan nie daarop verbeter nie, want dis perfek, van die begin af. As dit nie is nie, dan is Hy nie oneindig nie. En as Hy oneindig is, dan is Hy alwetend. En as Hy alwetend is, is Hy almagtig. Amen! Hy moet dit wees, om God te wees. Sien? So jy—jy kan nie nou sê: "Hy het meer geleer," nie. Hy het nie meer geleer nie, Hy is die—Hy is die einste bron van alle wysheid. Sien?

140 Ons wysheid hier kom van Satan af. Ons het dit van Eden geërf, waar ons geloof verruil het vir wysheid. Eva het dit gedoen.

141 Nou, hy is eers die antichris genoem. Die tweede stadium, is hy die valse profeet genoem, want daardie gees onder die mense het geïnkarneer geraak.

142 Julle onthou, die ruiter op die wit perd het nou geen kroon gehad toe hy begin het nie, maar toe sou hy . . . is hy 'n kroon gegee. Waarom? Hy was die Nikolaïetiese gees, aanvanklik; en

toe het hy in ’n mens beliggaam geraak; en toe is hy gekroon, en het ’n troon ontvang en is gekroon. En toe het hy dit vir ’n lang tyd gedien, soos ons sal sien soos ons . . . die Seëls breek.

143 En dan vind ons uit, na daardie lang tyd, is Satan uit die Hemel uitgeskop. En hy het neergedaal, volgens die Skrifte, en homself op ’n troon geplaas. Dink net, het homself in daardie man op ’n troon geplaas, en het ’n dier geword. En hy het mag gehad, oppermag, soos wat hy gedoen het, al die wonderwerke en alles, wat—wat, of die doodslag en bloedige gevegte en alles wat—wat Rome kon voortbring. Goed. Hy het doodgemaak deur wrede, Romeinse straf. Net, o, hoe sou ons ’n paar Skrifte hier kon invoeg!

144 Onthou, Jesus Christus het onder die straf van Rome, die doodstraf, gesterf.

145 Die Boodskap wat ek in my hart het, om hierbo by hierdie volgende diens, op Goeie Vrydagmiddag, te preek, raak drie, vier dinge, sien. “Daar kruisig hulle Hom.” “*Daar*,” die heiligste, godsdienstigste plek in die wêreld was Jerusalem. “*Hulle*,” die heiligste (veronderstel om te wees) mense in die wêreld, die Jode. “Daar *kruisig* hulle,” die wreedste straf wat Rome kon voortbring. “Kruisig *Hom*.” Wat? Die grootste Persoon wat ooit geleef het. “Daar het hulle Hom gekruisig.” O, goeiste!

146 God help my om Dit by daardie groep besigheidsmense tuis te bring, sodat hulle kan sien waar hulle staan. Goed. Nou, nie om anders te wees nie, nie om lelik te wees nie; maar om Dit te skud, sodat daardie broers kan sien dat hulle hoogwaardigheidsbekleërs en heilige vaders, en dinge wat hulle in hierdie Besigheidsmanne se Joernaal opskryf, onsin is. Christene is nie veronderstel om enige man “Vader” te noem nie. Hulle het dit begin, ek het hulle probeer help met enigiets wat ek kon (Julle sien nou waar hierdie band heengaan.), so, ek is klaar, ek sal beslis nie nog iets meer daarmee te doen wil hê nie. Goed. Eerstens, onthou Christus.

147 Eers, as Nik-. . . Nikolaïete, en waarvoor het die Nikolaïetiese eeu gevra? Dit het gevra om weg te kom van daardie klomp mense wat uitroep en hulle hande klap, en onbehoorlik lyk; soos hulle op Pinkster het, soos dronk mense optree, steier in die Gees, en dinge. Hulle wou niks van daardie goed hê nie. Hulle het gesê hulle is dronk. En toe die hoëlui . . . Luister! Moet dit nie mis nie. Dit mag vir julle mal klink, maar dis die Waarheid. Toe die—die hoogwaardigheisbekleërs begin inkom het, kon hulle nie daal tot daardie nie.

148 Wat God groot maak, is dat Hy groot genoeg is om neer te buig. Dis wat Hom groot maak. Daar is niks groter nie. En Hy het die laagste neergebuig wat enigeen kon neerbuig, enige menslike wese ooit neergebuig het. Hy was die Koning van die Hemel, en Hy het na die—na die laagste stad op die aarde, Jérigo, gekom.

En Hy was so laag dat selfs die kortste man in die stad op Hom moes afkyk, om Hom te sien. Is dit reg? Saggéus. Dis reg. Hy is die slegste naam genoem wat enige menslike wese genoem kan word: "'n towenaar, 'n duiwel, Beëlsebub." Dis wat die wêreld van Hom gedink het. Het die wreedste dood gesterf. Het nie 'n plek gehad om Sy hoof neer te lê nie. Uitgeskop, deur elke organisasie.

149 Maar toe het God Hom verhoog, so hoog dat Hy moes afkyk om die Hemel te sien. Kyk hoe, God, in nederigheid. Sien? En Hy het Hom 'n Naam gegee, so groot, dat die hele familie van die Hemel na Hom genoem word, en elke familie van die—die aarde. Al die familie op aarde het die naam "Jesus." Al die families in die Hemel het die naam "Jesus." En so 'n Naam, dat, elke knie sal buig, en elke tong sal bely, dat Hy die Here is; óf hier óf in die hel. Die hel sal Daarvoor buig. Alles anders sal daarvoor buig. Sien? Maar eers was dit nederigheid, toe het dit groot geword. Sien? Laat God verhef. "Hy wat homself verneder, sal God verhef." Sien?

150 Nou, ons let op hierdie *nikao* gees wou wysheid hê, slimmer. Dit moes uitgeredeneer word, soos dit in Eden was, redeneer teen die Woord van God, deur die wysheid, en die kerk het daarvoor geval. Wat was dit?

151 Nou, kom ons sê, vat net hierdie kerk hier, en vat 'n klomp mense soos ons is, as julle nie waarlik Gees-vervuld was nie. En kom ons vat, sê. . . Nou, niks teen die burgemeester van ons stad nie. Ek dink nie ek ken hom nie, Mnr. Bottorff. Is hy nog burgemeenster? Mnr. . . . ek nie. . . Sien? Ek nie. . . Mnr. Bottorff is 'n goeie vriend van my, sien. Maar, sê, die burgemeester van die stad, en die hele polisiemag, en—en al die vrederegters, en hulle—hulle kom almal hiernatoe. Voor jy weet waar jy is, as hulle net 'n ietsie in hulle kop het, en met die raad en die mense hierrond begin praat, en sê: "Nou weet julle wat? Hierdie behoort anders te wees." As julle nie Gees-vervuld is, en 'n ware Gees-vervulde man agter die preekstoel het nie, voor jy weet waar jy is, sal julle vir hulle voorsiening begin maak. Miskien nie hierdie geslag nie; miskien die volgende geslag.

152 En so het dit begin. Sien? Waarom? Hulle het gesê: "Kyk tog hier. Dis redelik." Julle, julle sou luister.

153 Sê 'n man kom hier in, wat dalk sê: "Hierdie kerk is te klein. Kom ons bou 'n groot kerk. Ek sal vir jou een hierbo bou, dis. . . dit sal soveel geld werd wees, 'n halfmiljoen dollars. Dit sal daarin gesit word. Ek sal die ding laat uitsaai." As hulle dit doen, dan het hulle 'n byltjie te slyp; nege uit die tien keer, julle weet, een van daardie soort. Voor jy weet wat, dan, as hy dit doen, beheer hy sake om homself te pas. "Jy kan niks sê nie, want Broer John Doe daaragter, hy's die finansies van hierdie kerk." Sien? En dan kry jy 'n klein Ricky uit een of ander kweekskool, wat omtrent soveel van God af weet as 'n Hottentot van 'n Egiptiese

nag, en hy sal daar aankom en na daardie kêrel se pype dans, want hy koop elke keer vir hom 'n nuwe kar, laat hom rondry, en koop vir hom *dit*, *dat* en die *ander*.

154 Nou, dis presies hoe dit begin het. Reg. Let op, wysheid en slimmigheid! Hulle het gesê: "Nou kyk tog net hier, is dit nie net verstandig nie? Nou, die . . . ons—ons vroue, watter verskil maak dit hoe hulle hulle hare dra?" Maar die Bybel sê dit maak wel 'n verskil. Vat net daardie een ding, behalwe al die honderde ander. Sien? Dit maak wel 'n verskil. God het gesê dit maak 'n verskil, so dit is 'n verskil.

155 Maar, julle sien, as hulle dit aan die gang kry, en die raad van trustees, en diakens en alles, voor jy weet waar jy is, gaan die pastoor óf saam óf gaan weg. Dis al. Sien, dis die mense wat dit ingestem het. Goed.

156 Nou let op, daardie gees begin beweeg, en die kerk wat so is, wat, soveel hoogwaardigheid daarin het, soveel groot dinge, en soveel geld ingesit het, totdat hulle na 'n ruk daarna geluister het en daarvoor geval het, die kruheid van die duiwel.

157 En dis die einste ding wat Eva gedoen het in die tuin van Eden. Nou, hoor julle dit. Dis reg. Kyk, die natuurlike vrou, Adam se bruid, het, voordat hy by haar kon kom as 'n vrou, geval vir Satan se plan teen die Woord van God, deur Dit te beredeneer. Voordat Adam met Eva as 'n vrou geleef het, het Satan hom daar voorgespring. Dis reg. Julle het *Die Bruidboom* gehoor, waaroor ek gepreek het. Dit praat daarvan, sien. Goed. Nou let op, daar, het Eva vir redenasie geval. Nou hy, Satan, het Dit probeer beredeneer.

Sy het gesê: "Maar die Here het gesê . . . "

158 Hy het gesê: "O, maar jy weet, die Here sal tog seker nie. Sien? Jy, jy wil wys wees. Jy wil iets weet. Wel, jy's niks behalwe 'n stomme kind nie. Sien? Jy behoort iets te weet." As dit nou nie Satan is nie! O, goeiste!

159 As dit nie sommige van hierdie, modernes is nie, sien: "O, hulle is net 'n klomp holy-rollers. Moet jou nie aan hulle steur nie, jy sien. Moenie gaan . . . Sien?"

160 Nou, die natuurlike, eerste bruid van die menslike geslag, voordat haar man by haar kon kom, het sy in ongenade geval, deur na Satan se leuen te luister, nadat God haar agter Sy Woord versteek het. As sy agter die Woord gebly het, sou sy nooit geval het nie. Nou dis in die natuurlike, let op, die natuurlike vrou.

161 En wat was die vloek, die eintlike vloek om uit te kom van agter God se Woord?

162 Nou onthou, sy het omtrent agt-en-negentig persent Daarvan geglo. Maar jy hoef net een Ding daarvan uit te laat. Sien? Sy het 'n hele klomp Daarvan geglo. O, sekerlik. Sy het Dit gesê, en Satan sou erken Dit was reg. As hy jou net op een hoekie kon

kry, dis al wat hy wil hê. Sien? Al wat jy hoef te doen, is om die koeël 'n klein draaitjie na *hierdie* kant toe te gee, en dit sal die teiken mis. Sien? Dis al. Nou, sy het soveel Daarvan geglo, maar dit tog gemis.

163 Nou, en die—en die gevolge, omdat sy die Woord verlaat het, vir een klein spikkel van 'n rede.

164 Wel, sê nou: "Wat van die vroue?" Of: "Waarom wil jy oor so-iets praat?" Maar enige van daardie klein dingetjies. "Wat is die verskil, of dit aanvanklike bewys is?" Daar's iets daaraan! Jy moet . . .

165 Dit moet uitgestryk word. Ons het aannames gemaak Daaroor, deur byna sewe kerkeeue heen. Maar die uur het gekom dat God Dit sê. Maar Hy sê Dit nie net nie, Hy wys Dit, en bevestig Dit, en bewys Dit. Dis reg. As Hy dit nie doen nie, dan is dit nie God nie, dis al. God staan agter Sy Woord.

166 Let nou op. Nou, die natuurlike vrou het natuurlike dood veroorsaak, omdat sy na rede geluister het, om haarself wys te maak, haarself wys te maak in plaas van om agter die Woord te bly en te doen wat God vir haar gesê het om te doen. Sy wou wysheid hê, en wys wees. En sy het na rede geluister, en—en sy het die hele menslike ras verloor. Sien?

167 Nou, hierdie keer, het die geestelike vrou, die Bruid van Christus wat op die Dag van Pinkster begin het, met die vroeë apostoliese Kerk, dieselfde ding verloor by die Nicaea Raad. Lee, jy weet dis reg. En by—by die Nicaea Raad, toe sy haar geestelike geboorteregte verruil het, om Konstantyn se groot kerke en dinge te aanvaar, wat hy daar vir hulle aangebied het, en het sy haar Skriftuurlike geboorteregte uitverkoop vir 'n klomp Roomse dogma. Nou, dis hard op die Katoliek. Maar die Protestant het dieselfde ding gedoen, en word voorgestel, hier in die Bybel, as 'n dogter "van die ontugtige, van die hoer." Dis presies reg, elkeen van hulle! Daar is geen verskonings nie.

168 Maar daaruit was daar altyd 'n klein oorblyfsel, dwarsdeur, wat die Bruid gaan uitmaak.

169 Let op, sy het haar geboorteregte verloor, sien, voordat haar man by haar gekom het. Sien? Voor die troue, het sy haar kuisheid verloor.

170 En nou onthou julle, sy het daar gesê: "Ek sit as 'n koningin. Ek het niks nodig nie," daar in daardie Laodicése Eeu. "Ek is ryk en het verryk geraak, ensovoorts. En, o, die hele wêreld sien op na my. Ek is die groot, heilige kerk, ensovoorts. Ons is *so*," die hele eeu.

171 En Hy het gesê: "Jy weet nie dat jy naak, blind, beklaenswaardig, ellendig, arm is, en dit nie weet nie." Dis die toestand. Nou, as die Heilige Gees gesê het die toestand sou so

wees in die laaste dae, is dit so! Daar is nie 'n manier om daarby verby te kom nie. Dis hoe dit is.

172 Kyk nou. Nou, toe sy destyds haar geboorteregte verkoop het, haar deugdelike reg, van die Woord, wat het sy gedoen? Toe Eva dit gedoen het, het sy die skepping verloor; die hele skepping het onder haar geval.

173 Nou let op, en toe die kerk dit gedoen het, dogmas aangeneem het in plaas van die Gees en die Woord, het dit die hele stelsel vervloek. Elke denominasionele stelsel wat daar ooit was, of ooit sal wees, is daarmee saam vervloek, en het geval, want daar is nie 'n ander manier nie.

174 Wanneer jy 'n klomp mense bymekaar kry, om enigiets uit te pluis, staan een se kop *hiernatoe* en een se kop staan *daarnatoe*, en een se kop staan *hiernatoe*. En hulle sit die goed bymekaar en skommel dit, en, wanneer dit uitkom, is dit hoe jy haar kry.

175 Dis presies wat hulle gedoen het by die Niceense Raad. Dis presies wat hulle doen by die Metodiste, Presbiteriane, Kerk van Christus, en die res van hulle. En geen mens, maak nie saak wat God aan hom openbaar nie, jy moet dit leer soos hulle geloofsbriewe, hulle geloofsbelydenis—belydenis sê, of hulle sal jou uitskop. Nou, moenie vir my sê nie. Ek was daar, sien, en ek weet dit.

176 En dis net presies wat gebeur het, so die hele ding is vervloek. Geen wonder die engel het gesê nie: "Kom uit haar uit, My volk, sodat julle nie deelgenote word van haar plae nie." Want, sy gaan . . . Sy is vervloek, en sy moet die vloek van God se toorn oor haar ly, omdat sy haar kuisheid en regte verkoop het. Sien? Maar . . . O, goeiste!

177 Maar, onthou. Ten aanskoue van daardie hele toestand, maar tog het God belowe, in Joël 2:25, as julle dit wil neerskryf: "In die laaste dae . . . "

178 Toe Hy gesê het: "Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter geëet; wat die kaalvreter laat oorbly het, het die—die treksprinkaan gevreet; wat die treksprinkaan gevreet . . . " Net so voort, gogga na gogga, het gekom en gevreet aan daardie Kerk, totdat Dit uiteindelik niks behalwe net 'n stomp was nie. Kyk! Wat die Roomse laat oorbly het, het die Lutherane gevreet; wat die Lutherane laat oorbly het, het die Metodiste gevreet; en wat die Metodiste laat oorbly het, het die Pinksters gevreet; sien, totdat sy net 'n stomp is.

179 En weet julle wat? As jy daardie wurms daarbinne vat, die treksprinkaan en kaalvreter, ensovoorts, en jy volg hulle na deur die—die boek, en vind uit. Dis dieselfde wurm net in verskillende stadia.

180 Hou jou punt. So is hierdie Seëls! Dis dieselfde wurms. Julle gaan dit sien as ons dit na vore bring, so ek sal julle nou vertel.

Dis dieselfde wurm, die hele tyd. Vier van daardie wurms; vier hier. En daar is hulle, hulle is dieselfde ding. Dis dieselfde gees. Wat die een laat oorbly het, het die ander gevreet; en wat *hierdie* een laat oorbly het, het die ander een gevreet; soos dit, totdat hulle dit 'n stomp laat word het.

181 Maar Joël het gesê: "Ek sal herstel, sê die Here, al die jare wat die kaalvreter verslind het."

182 Wat is dit? Hoe gaan Hy dit doen; as dit begin het, antichris, deur teen die leer van Christus te wees, wat dogma in plaas van die Woord aanvaar het? En deur die jare het die hervormers daarna gereik, soos die Bybel gesê het.

183 "Maar in die laaste dag, met die weerklink . . . " Openbaring 10:1-7, het Hy gesê: "Die verborgenhede van God sal beëindig word in die laaste dae, met die weerklink van die sewende engel." Maleági 4, het gesê Hy sou vir "Elía stuur voor die bose dag oor die aarde kom, wanneer Hy dit sou brand soos 'n oond. En hy sou herstel, en om die—die kinders terug te bring na die Geloof van die vaders." Die oorspronklike, apostoliese, Pinkster Geloof is beloof sou teruggebring word. Nou, dit is net so duidelik as wat die Skrif dit kan sê. Nou dit is belowe. En as ons in die laaste dae is, moet iets gebeur. Sien? En dit gebeur, en ons sien dit.

184 Let op Satan se drie-eenheid. Selfde persoon wat kom; net geïnkarneer, van een na die ander. Dis hoe daardie goggas gemaak het, daardie wurms, een na die ander, presies. Nikolaïeties: "geestelike antichris." Pous: "valse profeet." "Dier," die duiwel homself, beliggaam. Hy kan dit nie doen nie . . .

185 Nou, hou dit nou in julle gedagte, terwyl julle hierdie volg. Julle gaan hierdie ruiters net reguit daarnatoe sien kom. Sien, ek lê vir julle 'n prent voor hier. As ek dit op 'n swartbord gehad het, kon julle dit beter verstaan. Sien, ek kyk.

186 Eerste, nou. Julle onthou dit. Die eerste ding wat hy is, hy is 'n "antichris gees." Johannes het so gesê. "Klein kindertjies, die gees van antichris is alreeds werksaam in die kinders van ongehoorsaamheid." Sien, daardie ding het begin posvat. En toe het dit soort van "'n gesegde" geword, in die volgende kerkeeu. En die volgende kerkeeu was dit "'n leerstelling." En die volgende kerkeeu, is sy "gekroon." Nou is dit nie net so duidelik as enige plek waar jy dit kan lees nie? Sien? Sien, daar kom hy.

187 Nou, eerste, is hy genoem (wat?) "antichris gees," want hy was teen die Woord. Dis wat dit laat begin het. Dis presies wat die hele ding veroorsaak het, was afwyk van God se Woord. Nie omdat Eva miskien op 'n dag vir Kain 'n pak slae gegee het nie. Sien? Dis nie wat dit veroorsaak het nie. Die eerste ding wat die hele ding veroorsaak het, was dat sy van die Woord af weggedraai het. Sy het van die Woord af weggedraai. En die eerste ding, wat die prostitusie laat begin het in die kerk van die lewende God,

Christus se Bruid, sy het van die Woord af weggedraai en Roomse dogma aanvaar in die plek van God se Woord. Wat het met elke organisasie gebeur? Dit het presies dieselfde ding gedoen.

188 Nou, maar het belowe dat Hy in die laaste dae 'n weg sou maak om weer te herstel. Die Woord van die Here sou op die aarde val, soos Hy dit aan die begin gedoen het, en, o, en sal herstel (wat?) wat dit laat begin het. "Teen die Woord." En wat is hierdie kêrel veronderstel om te doen wanneer hy kom, gesalf met God se Gees? Hy bring net "die Geloof van die kinders terug na die vaders." Dis hoe Hy herstel. En julle kry hierdie selfde Woord, in dieselfde plek wat Dit *Hier* is, gaan Dit dieselfde ding doen.

189 Jesus het gesê: "As enige mens van Myne is! En hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." En toe hulle Hom gevra het om sekere dinge te doen, het Hy gesê: "Ek doen net wat die Vader vir My wys. Ek doen niks voor Ek dit eers gesien het nie. Wat Ek die Vader sien doen, dit doen Ek ook. Die Vader werk, en dan werk Ek ook net so." Sien? Sien julle dit nie? Wel, dis net soos koerant lees. Sien?

Nou, nou, eerste, dan, word hy 'n "antichris."

190 Nou, hy kon nie antichris net in gees wees nie. Toe, het hy 'n antichris geword, en daardie gees het 'n mens vereis wat dieselfde dinge geleer het as wat daardie antichris gees gedoen het, en toe het hy 'n "valse profeet" geword, vir die antichris gees. Nou wat van 'n mens in 'n organisasie? Maak soos julle wil. Ek weet nie wat julle daarvan dink nie. Goed.

191 Nou, word hy, uiteindelik, "'n dier." Wag nou, en ons sal oor 'n ruk daarby uitkom, sien. Goed.

192 Nou, omdat Satan se drie-eenheid so lê; Satan, die hele tyd. Satan: "antichris gees." Antichris gees, beliggaam: "valse profeet." Word dan "die dier." Sien? Wanneer . . . Nie 'n demoon nie, dit was in daardie antichris; maar wanneer Satan self uitgeskop word, daal hy neer en neem die plek in waar die demoon was. Die duiwel, dan, dan is die duiwel beliggaam in 'n man. Dit herhaal homself net.

193 Dis wat Judas Iskáriot was. En wat het hy gedoen? Was hy een van die kêrels wat teen Christus was? Wel, hy was die tesourier, het met Hom gewandel. Sekerlik. Het reg saam met hulle gewandel. Het daar uitgegaan en duiwels uitgedryf, en het net presies gedoen wat hulle gedoen het.

194 En Christus was die geïnkarneerde God; God, beliggaam in die vlees, Immánuel. En Judas was die seun van die verderf. En Jesus was Seun van God. Beliggaamde God; beliggaamde duiwel.

195 Sommige mense sien net drie kruise in daardie tyd. Daar was vier van hulle. Daar was drie op Gólgota, wat ons sien. Dit

was Jesus in die middel, 'n dief links van Hom, en 'n dief regs van Hom.

196 En kyk. Een dief het vir die ander een gesê, of vir Jesus gesê: "As. . . " Nou, julle weet Hy is die Woord. Maar: "As u die Woord is, sal u nie uself red nie? Sal u nie iets daaraan doen nie?"

197 Dis vandag net dieselfde. Het julle nie hierdie ou duiwels hoor kom, en sê nie: "As jy in Goddelike genesing glo, *hier* is iemand se oë, sal jy nie hulle oë open nie?" "Slaan my met blindheid! Slaan my met blindheid!" Daardie selfde ou duiwel. Sien? "Kom van die kruis af, ons sal u glo." "As u die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word." Dieselfde duiwel.

198 Jy stap net weg, sien. Nee. Dis wat Jesus gedoen het. Hy het nooit enige van hulle vermaak nie.

199 Het 'n doek oor Sy hand. . . oor Sy kosbare oë geplaas, *so*. En hulle het 'n stok gevat, en Hom op die kop geslaan. Het gesê: "Sê vir ons! As u 'n profeet is, sê nou vir ons wie vir u geslaan het." Hulle het die stok aangegee, vir mekaar. "Sê nou vir ons wie u geslaan het, en ons sal glo u is 'n profeet." Hy het nooit Sy mond oopgemaak nie. Hy het net daar gesit. Sien? Hy vermaak nie. Hy doen net wat die Vader sê, julle sien. Sien? Laat hulle maar aangaan. Hulle tyd kom. Moenie bekommerd wees nie. Ja, meneer. Nou, hulle het Sy kleed aangeraak, hulle het geen krag gevoel nie.

200 Maar 'n arme vroutjie, het 'n behoefte gehad, het net Sy kleed aangeraak. Hy het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?" Uh-huh. Is wat? 'n Ander aanraking. Dit hang daarvan af hoe jy Hom aanraak, julle sien, sien, wat jy glo. Nou, julle sien?

201 Nou, aangesien Satan gaan. . . homself beliggaam het, van antichris nou tot valse profeet. En is in die dae van die Jood, is "antichris," onder die vroeë kerk. In die donker eeue word hy "'n valse profeet," geword vir die wêreld. Sien haar daar met "haar beker van ongeregtigheid"? Nou, dis nou vir die kerkeeu.

202 Maar in die eeu nadat die Kerk Huis toe gaan, word hy 'n dier, hy word die beliggaamde duiwel, die rooi draak self. O, goeiste! Kan julle nie sien wat ek bedoel nie? Hy is dan beliggaam in sy mense. Hy het sy mense gebind deur sy mag. Die valse profeet het hulle daar reg ingeprofeteer. "Gee hulle oor aan die krag van die dwaling, om 'n leuen te glo en daardeur veroordeel te word." "Ontken die Woord; met 'n gedaante van godsaligheid."

203 God werk, Sy plek, in 'n drie-eenheid. Regverdigmaking; heiligmaking; en beliggaam Homself in Sy mense, met die doop van die Heilige Gees.

204 Dieselfde ding, die duiwel is net in 'n tipe, agter Christus aan. O, Satan beliggaam homself. . . Nou kyk. Satan. . .

205 Wanneer Jesus Homself in Sy mense beliggaam, is die einste Lewe wat daar in Christus was, binne-in die persoon.

206 Wat sou dit doen as jy die lewe uit 'n wynstok uithaal en dit in 'n pampoenrank sit? Dit sou nie meer pampoene dra nie; dit sou druiwe dra. Wat as jy die lewe uit 'n perskeboom uithaal en dit in 'n peerboom sit? Sou dit pere dra? Nee. Perskes dra. Die lewe sê wat dit is. Sien?

207 As jy sê, mense hoor sê hulle het die Heilige Gees, en hulle ontken hierdie Woord, is daar iets verkeerd. Die Heilige Gees het daardie Woord geskryf.

208 En Jesus het dit gesê: "As 'n mens My Gees in hom het, sal hy My werke doen." Wil julle dit lees? Wil julle dit neerskryf? Dis Johannes 14:12. Ja. Goed. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Selfs meer as hierdie sal hy doen, want Ek gaan na die Vader." Sien? Dan maak Hy hom heilig en maak hom skoon, sodat hy voor God kan staan. Daardie druppel ink val daar, en voer hom oor die kloof. Sien?

209 Nou kyk. Satan, wanneer hy homself in sy onderdane beliggaam, doen hulle die werk wat hy gedoen het. Sien julle nie? Wat het hy gedoen? Reguit na daardie onskuldige vrou toe gekom, om haar te mislei. En dis presies wat sommige van hierdie duiwels doen, kom net in 'n plek in en sê . . . 'n Pastoortjie kom net aan die gang, daar êrens; kom in en sê: "O, as jy net by ons aansluit!" Huh! Huh! Dieselfde duiwelswerk. Nou, dis die Waarheid! En wanneer Satan beliggaam word in sy kerk, om 'n duiwel te wees, dan is hulle diegene wat die moord en doodmaak ensovoorts, pleeg. Want, Satan is 'n moordenaar, in die eerste plek; 'n leuenaar en 'n . . . Sien? Goed.

210 Wat doen Satan as hy wel, as hy beliggaam word onder die mense? Dis sy plig om geslepe te wees. Hy is geslepe. Soek deur die Bybel, en wys vir my waar God ooit met intellektuele mense gehandel het. Soek daarna, en kyk of dit nie altyd die intellektueles is wat duiwelbesete is nie. Dis 'n groot woord, maar dis waar. Ek daag julle uit om die—die afstamming te vat, van Abel s'n tot Kain; en, daardie veertien geslagte, gaan daardeur, en kyk wie was aan die slim kant, en wie was die nederiges. Uh-huh.

211 Waarom het Jesus nie sulke mense gekies nie? Hy het vissermanne gekry en manne wat nie eens hulle eie naam kon teken nie, om hulle aan die hoof van Sy Kerk te plaas. Dis reg. Wysheid is—is niks nie; dis—dis teen Christus. Wêreldse wysheid is altyd teen Christus. Jesus het ons nooit gesê om kweekskole te gaan bou nie; Hy het dit nooit gedoen nie; Bybelskole te hê nie. Hy het gesê: "Verkondig die Woord! Verkondig die Evangelie!" En dan as Hy gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," sien, sal jy moet hê die . . . Met ander woorde, Hy het gesê: "Gaan demonstreer die Krag van God, aan alle nasies."

212 Nou kyk. Satan se taak is om die Woord van God te verdraai, tot wysheid se beredenerings. O, goeiste! O! Dan merk hy

sy onderdane, deur die oorspronklike Woord te verwerp. Nou laat dit . . .

213 Sal julle—sal julle—sal julle my nog net 'n klein bietjie langer verdra, en dit insien? Hierdie, ek wil nie hê julle moet hierdie mis nie. Laat ek julle die tipe wys, sodat julle dit alles in tipe en in die Woord en alles, kan sien. Julle—julle kan nie . . . Julle behoort nie verward hier weg te gaan nie.

214 In die Ou Testament, wanneer 'n man in slawerny verkoop is. Daar het 'n jubeljaar gekom, elke vyftig jaar. Nege-en-veertig jaar, en dan die jubeljaar. En wanneer 'n slaaf dit gehoor het, en hy wou vry raak, is daar—is daar niks wat hom kan keer om vry te raak nie. Hy kan sy skoffel neergooi, en "totsiens" sê, teruggaan huis toe. Die basuin het weerklink. Dis reg.

215 Maar as hy nie wil gaan nie, en hy tevrede is met sy slawemeester, dan is hy in die—die—die tempel ingevat, en hulle vat 'n els . . . Julle weet wat 'n els is. En hulle druk sy oor, en maak 'n gat in sy oor. En dis 'n merk, dat hy nooit kan teruggaan nie. Is dit reg? Hy moet hierdie meester vir altyd dien. Ek gee nie om hoeveel kere die jubeljaar weer opklink, of wat ook al gebeur nie. Hy het—het absoluut sy geboorteregte uitverkoop, om ooit weer vry te wees.

216 En wanneer 'n mens die Evangelie Waarheid van die hand wys, merk Satan hom (waar?) aan sy oor. Hy maak hom doof sodat hy die Waarheid nooit weer kan hoor nie, en dis klaar met hom. Hy bly by die groep waar hy is, as hy die Waarheid nie wil hoor nie. Nee.

217 "Julle sal die Waarheid ken, en die Waarheid sal julle vry maak." Sien, die Waarheid maak vry.

218 God merk Syne wanneer hulle kom. God merk Syne deur Sy beloofde Woord, deur hulle, te bevestig. Dis presies, Johannes 14:12. En nog iets, wat julle wil neerskryf, Markus 16. Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

219 Nou kom ons bly net 'n oomblik hierby. Het Hy 'n grap gemaak? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Het Hy net bedoel die . . . Het Hy net bedoel die apostels, soos sommige vir ons wil sê? ["Nee."]

220 Kyk. Lees die agtergrond daarvan. "Gaan julle in . . ." Waar? [Gemeente sê: "Die hele wêreld."—Red.] "Die hele wêreld." "Verkondig die . . . hierdie Evangelie aan . . ." Wat? ["Elke skepsel."] "Elke skepsel." Daar is nog nie eens aan eenderde van die pad voldoen nie. "Hierdie tekens in die hele wêreld, elke skepsel volg, waar hierdie Evangelie ook al verkondig word. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," nie net aan een klein handjievol nie.

221 Soos 'n kêrel eenkeer vir my vertel het: "God het net vir die twaalf apostels die gawes van genesing gegee. En . . . " O! So, baie

van die broers het hier gesit toe hy opgestaan het om dit te sê, sien. Hy het genoeg daarvan gekry, binne 'n paar minute.

222 So let nou op: "Die hele wêreld, aan elke skepsel, sal hierdie tekens volg."

223 Moenie Satan se ongelowige merk neem nie. Nou, hy sal dit vanaand op jou plaas, as hy dit kan doen. Hy sal jou teen die muur staanmaak, en jy sal uitstap en sê: "Ek weet darem nie daarvan nie."

224 Gaan huis toe en bestudeer Dit, en wees dan opreg, en bid. Want, alles is te—is te perfek Skriftuurlik in hierdie einste uur, hierdie heilige uur in die tyd. Dit was al vir jare, bewys, het reg tot daar gekom. En hierdie is die uur. Dit is die tyd.

225 En nou moet hom dit nie, sy ongelowige merk, in jou oor laat steek nie. Sien? Want, hy was 'n ongelowige, van die begin af. Hy het Daaraan getwyfel. Goed. O, moenie eens dat . . . Moet hom nie die Skrif laat neem, met sy wysheid, en—en Dit draai en Dit verdraai met sy eie wysheid, in redenasievermoëns nie. Wees net nederig, en sê: "God het so gesê, en dis als daarvan." Nou, o, kom ons . . .

226 Dit gaan te laat raak vir ons, so ons moet liewer net hier stop en—en begin voortgaan.

227 Nou kom ons gaan aan na die Tweede Seël. Toe die geslagte, opgestane Lam hierdie oopgemaak het, en die tweede, kalfagtige Lewende Wese, gesê het: "Kom, kyk wat die Seël se verborgenheid is." Sien? Nou kry ons dit. Die Lam, onthou, moet elke Seël oopmaak. En die tweede Lewende Wese . . .

228 As julle dit opgelet het, in die volgorde van dit waardeur ons nou net gegaan het, met die kerkeeue, dieselfde ding. Die tweede . . . Eerste was 'n leeu; die volgende was 'n—was 'n . . . was soos 'n kalf, of os, of iets, julle sien.

229 En hierdie Lewende Wese het nou gesê: "Kom, kyk," en toe die Lam die Seël oopgemaak het. En, toe, gaan kyk. En toe hy ingestap het, het wat gebeur? Kom ons kyk nou wat hy gevind het. "Kom, kyk." Daar is 'n verborgenheid hier verseël, wat nou al hier is vir omtrent tweeduisend jaar. Kom ons kyk wat dit is.

230 Nou ons vind hier dat hy (wat?) 'n rooi perd sien uitgaan het. Nou, soos ek dit verstaan, volgens wat ek verstaan, was hierdie groot swaard wat hy in sy hand gehad het . . . Nou, ons het nou omtrent drie dinge om na te kyk, vir omtrent die volgende vyftien, twintig minute. Laat ons net lees en sien wat Hy hier sê. "En daar het uitgegaan . . . " Die 4de vers.

> . . . *'n ander perd, 'n vuurrooie,* (die eerste een is wit) *het uitgekom: en* aan *hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, . . . dat hulle mekaar sou doodmaak: en 'n groot swaard is* aan *hom gegee.*

231 Nou daar is simbole hier, en ons wil baie goed na hulle kyk. Maar, soos ek dit verstaan, na die beste van my wete nou, julle sien, het Jesus dieselfde ding in Matthéüs 24 voorspel. Sien? Hy het gesê: "Nou, julle gaan hoor van oorloë en gerugte van oorloë, en net oorloë en gerugte van oorloë, en oorloë. En, maar," het gesê: "al hierdie is nog nie. Sien, dis nog nie die tyd nie." Sien, hulle het vir Jesus drie vrae gevra. Sien? En Hy het hulle met drie vrae geantwoord.

232 Dit is daar waar 'n klomp van ons broers verstrengel geraak het, om te probeer plaas. . . Die Adventiste broers, oor daardie, sewende dag ensovoorts, destyds, die. . . "Wee haar wat 'n kind kry, wat soog, en die poorte sal op die sabbatdag gesluit word," en sulke dinge. Goeiste! Dit het glad nie eens op die vraag betrekking nie, sien, glad nie. Sien?

233 Hy het geantwoord wat hulle gevra het, maar Hy het nie—Hy het nie—het dit nie alles op die laaste dae toegepas nie. Hy het gesê: "Julle sal hoor. . . " Nou ons werk hier aan hierdie een ding. Ons sal by meer daarvan uitkom, oor 'n paar aande. Kyk. Hy het gesê: "Julle sal hoor van oorloë, en gerugte van oorloë, ensovoorts. Dan is dit alles nie. . . Sien, dan sal hulle—sal hulle weer teruggaan, dan sal hulle julle uitlewer, ensovoorts soos dit. En alles, alles wat nog nie reg is nie."

234 Maar toe Hy by die tyd gekom het dat Hy met hulle sou praat oor dit wat hulle Hom oor gevra het: "die einde van die wêreld."

235 "Wanneer sal al hierdie dinge wees, wanneer daar nie een steen bo-op gelaat sal wees nie? Wat sal die teken wees? En wanneer sal, die einde van die wêreld, kom?" Sien, hulle het Hom drie dinge gevra.

Toe, toe Hy uitgekom het by: "Die einde van die wêreld?"

236 Het Hy gesê: "Wanneer julle die vyeboom sien bot, nou weet julle dat die tyd voor die deur is. En voorwaar Ek sê vir julle, dat, hierdie geslag sal nie verbygaan voor alles vervul is nie." Hoe graag hamer die ongelowige, sonder die uitlegging, nie daarop nie! Sien? Hy het gesê: "Hierdie geslag," nie die geslag met wie Hy gepraat het nie: "die geslag wat die vyeboom sien bot het."

237 Nou ek wil julle net iets vra. Kyk net—net iets hier in die gesig. Israel is nou, vir die eerste keer in vyf-en-twintighonderd jaar, 'n nasie. Die oudste vlag in die wêreld wapper vanaand oor Jerusalem. Israel is in haar tuisland.

238 Daar was eenkeer 'n broer hier wat 'n sendeling wou wees, het gevoel om sendelingwerk te gaan doen onder die Jode. Ek het gesê: "Jy mag nou en dan een kry." O, mense dink, die hele nasie! Nee, meneer.

239 Israel word as 'n nasie bekeer, nie as 'n persoon nie. "'n Nasie sal in een dag gebore word." Dis Israel. "Die hele Israel word

gered." Onthou dit net. Paulus het so gesê: "Die hele Israel word gered." Nou let op: "Die hele Israel." Dis presies reg.

240 Nou let op hierna. "Maar," het Hy gesê: "as julle die vyeboom, en al die ander bome, sien bot." Nou kyk. Daar was nog nooit 'n tyd, vir vyf-en-twintighonderd jaar, dat Israel ooit na haar tuisland toe gekom het nie. Ons het die opvoerinkie, van *Drie Minute Voor Middernag*, julle weet. Daar is sy, 'n nasie, die sespunt ster van Dawid, wat wapper, en al hierdie dinge.

241 Was daar al ooit 'n tyd dat die denominasies herlewings gehad het soos hulle in die laaste paar jare gehad het? Nou bestudeer dit net. Ons is by die huis.

242 Wanneer het die denominasies al ooit opgebloei onder enige man se bediening, soos dit onder Billy Graham s'n het; Metodiste, Baptiste, ensovoorts? Wanneer was daar ooit tevore 'n man, soek deur jou geskiedenis, wat ooit uitgegaan het na die formele kerk, met die naam wat met h-a-m eindig? Vra julle net. A-b-e . . .

243 A-b-r-a-h-a-m. Nou kyk, Abraham se naam het sewe letters, A-b-r-a-h-a-m.

244 Maar ons Broer Billy Graham, het G-r-a-h-a-m, ses, nie sewe nie. Die wêreld, dis wie hy bedien, die natuurlike kerk.

245 Natuurlike kerk, was Lot, in Sodom. En toe hierdie kêrel daar gaan preek het, en hulle met die Evangelie verblind het.

246 Maar daar was Een Wat by Abraham gebly het, en Abraham het Hom genoem: "Elohim, Here." Nou toe Abraham drie sien kom het, het hy gesê: "My Heer."

247 Toe Lot twee sien kom het, het hy gesê: "My here." Daar is jou verskil. Sien jy jou drie-enige werk? Sien?

248 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Lot." Sien julle dit? Let op. Tel dit.

249 Nou, daar het Een gekom na die geestelike Kerk, die Bruid, Abraham, wat nie in—in Sodom was, van die begin af nie. En kyk wat Hy gedoen het. Hy het nooit enige prediking gedoen soos hulle het nie. Hy het hulle geleer, maar toe het hulle daardie teken voor hulle gedoen. Hy het die Messiaanse teken gedoen. Hy was met Sy rug na die tent gekeer en Hy het gesê: "Abraham." Nou onthou, sy werklike naam, 'n paar dae vantevore, was Abram. Maar Hy sê: "Abraham, waar is jou vrou, S-a-r-a?" 'n Paar dae vantevore, is dit genoem S-a-r-a-i.

Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

250 En Hy het gesê: "Abraham, Ek . . . " Daar is jou persoonlike voornaamwoord weer. "Ek gaan jou besoek volgens die belofte wat Ek aan jou gemaak het." Julle sien wat dit was. Sien? 'n Man, met stof op Sy klere, wat die vleis van 'n kalf eet, en die melk van die koei drink, en mieliebrood eet. Ja, meneer. God, Elohim, gemanifesteer in die vlees!

251 Het belowe, om Homself in die laaste dae, weer in die vlees te manifesteer! Let op.

"Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

"Sy is in die tent, agter U."

Het gesê: "Ek gaan jou besoek."

252 En die dame, natuurlik, wat 'n honderd jaar oud was, sy het soort van in haar mou gelag; daaragter in die tent nou, agter die gordyne in die tent. Sy het gesê: "Ek, 'n ou vrou." Wel, dit het al vir jare opgehou om tussen hulle te wees, soos man en vrou, julle weet, want hy was 'n honderd jaar oud, en—en—en sy was negentig. Het gesê: "Dit sal nooit gebeur nie."

253 En Hy het gesê: "Waarom het sy gelag?" Sjoe! Met Sy rug gekeer na die tent: "Waarom het sy gelag, gesê: 'Hoe kan hierdie dinge wees?'" Sien, Hy het vir hom 'n teken gewys.

254 Nou Hy belowe dat dit weer sal herhaal in die endtyd.

255 En die twee mans het daar afgegaan en die Woord verkondig, en hulle aangesê om daar pad te gee; die plek sou verbrand word, ensovoorts. En dit het. En Lot het uitgestrompel; die natuurlike kerk, verval in sonde, en in die modder, maar wat tog voortsukkel in hulle organisatoriese programme. Maar die Bruid . . .

256 Daardie een Man het nooit na hulle toe gegaan nie. Hy het net gegaan en die Bruidtipe geroep. Nou is ons in die laaste dae. Sien? Nou let op.

"Jy het daar gesê: 'God, gemanifesteer in die vlees'?"

257 Jesus het Self gesê: "Hoe kan julle My veroordeel?" Het gesê: "Is daar nie geskryf in julle Bybel, julle wette, dat hulle, die profete, na wie toe die Woord van God gekom het . . ." Jesus het gesê: "Die Woord het na die profete toe gekom," want Hy was Skriftuurlik in alle dinge. Hy het gesê: "Nou, die Woord van God sê, dat: 'Die Woord het na die profete toe gekom.' En julle het hulle 'gode' genoem, omdat die Woord van God na hulle toe gekom het." Het gesê: "Hoe gaan julle My dan veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?" Met hulle eie wet, het Hy hulle toegewerk. Daar het jy dit. Sien?

258 Nou waar is ons? Ons is by die endtyd. Nou luister nou baie mooi.

259 Nou vind ons uit dat daar oorloë en gerugte van oorloë sal wees. En nou sien ons dat die vyeboom gebot het. En die ander bome het gebot. Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, en almal, het gebot, 'n groot herlewing wat aangaan.

260 Nou, ek glo dat God die Bruid bymekaarmaak vir daardie laaste uur, die Uitverkorenes. O, goeiste! Nou let op.

261 Laat ons dan nou oordink wat Johannes gesien het, van hierdie dinge wat hy gesien het. "'n Vuurrooi perd; en sy ruiter gaan uit, mag is aan hom gegee om met 'n groot swaard dood

te slaan." Nou hier is my openbaring daarvan. Hierdie is weer Satan. Dis weer die duiwel, in 'n ander vorm. Nou, ons weet dat—dat Seëls verwys het . . . soos ek nou die aand gesê het. En basuine het verwys na—na—na—na burgeroorloë, julle sien, tussen die mense, tussen nasies. Maar jy vind hier uit, dat hierdie man 'n swaard het, so hy verwys na kerklike, politieke oorlog. Nou julle mag nie so dink nie, maar kyk net 'n oomblik daarna, net 'n paar minute.

262 Let op die verandering in kleur van hierdie perde. Selfde ruiter; verandering in kleur van perde. En 'n perd is 'n dier. En die dier, in die Bybel, as 'n simbool, stel 'n mag voor. Dieselfde stelsel wat op 'n ander kleur ry, mag, van die onskuldige wit na 'n bloederige rooi. Sien? Hou hom nou dop, hoe hy kom.

263 Toe hy aanvanklik begin het, was hy net, wel, hy was net 'n klein leerstellinkie in—tussen-in, genaamd die Nikolaïetisme. Natuurlik, dit sou niks doodmaak nie. Dis Openbaring 2:6, as julle dit wil neerskryf. Hy sou niks doodmaak nie. Dis net 'n leerstelling, net 'n gees onder die mense. Nou, hy sou niks doodslaan nie. O, hy was so onskuldig, waar hy op hierdie wit perd ry. "Wel, julle weet, ons kan 'n groot wêreld-wye kerk hê. Ons kan dit die universele kerk noem." Hulle doen dit steeds. Goed. Sien? Nou: "Ons sou kon hê . . . " O, dis volmaak onskuldig. En o, dis so onskuldig. "Dis net 'n groep manne. Ons sal almal bymekaarkom vir gemeenskap." Sien, dis baie onskuldig; dis wit, die wit perd was. Sien?

264 Nou, so die hoogwaardiges, en die beter gekledes, en die geleerdes, julle weet, byna soos voëls van eenderse vere, julle weet: "Ons sal—ons sal dinge 'n bietjie bymekaarvat. En daardie arm klomp, wel, as hulle wil voortstrompel, wel, goed, maar ons—ons—ons sal 'n beter klas hê wat na ons kerk toe kom. As ons net onsself hieruit uitgetrek kan kry, sal ons—sal ons wees 'n—sal ons 'n klomp Messelaars, ensovoorts wees, julle weet. Ons sal—ons sal net die dinge reël, of: Snaakse Kêrels," is wat hulle is. En so dan . . . Nou nie die Snaakse Kêrel Losie nie, maar julle weet wat ek bedoel. Sodat, dit snaaks is vir die ware gelowige. Nou, maar, andersins, met ander woorde: "Ons wil 'n klein groepie hê, 'n klein sindikaat wat ons ons eie kan noem." Dis net 'n leerstelling, baie onskuldig. "Broers, wel, ons het niks teen julle mense nie, sekerlik nie. Julle is in die haak, maar, julle weet, ons voel dat—dat ons besigheid het en alles . . . Ons, ons sal beter daaraan toe wees as net ons op ons eie bymekaarkom." Sien? Dit het uiteindelik enduit aangegaan totdat dit gebeur het, ja, meneer, saamkom.

265 Maar toe hierdie aaklige, misleidende gees (o, man!) beliggaam het, in beliggaamde gees; hierdie leerstelling-gees beliggaam is, om Christus se plek in te neem, in 'n man. Dan moet dit aanbid word, verdraai om 'n aanbidding te word soos Christus. Met ander woorde, bo-oor die Vatikaan . . . Ek was

net daar. Daar is geskrywe: "VICARIVS FILII DEI," en dis in Romeinse syfers geskryf. Nou, trek net 'n streep onder daardie Romeinse syfers. En dit beteken: "In plaas van Seun van God." Hy, met ander woorde, hy's 'n vikaris. Julle weet wat 'n vikaris is; net 'n plaasvervanger. Hy is die vikaris: "In plaas van die Seun van God."

266 En die Bybel het gesê: "Wie die verstand het, laat hom die getalle van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens. En sy getal is seshonderd ses-en-sestig." Nou, vat VICARIVS FILII DEI, en trek 'n streep, met Romeinse syfers; die "V" vir vyf, en "I" vir een . . . En tel dit op, en kyk of jy nie seshonderd ses-en-sestig kry nie.

267 Die Bybel het gesê: "Hy sou in die tempel van God sit, aanbid word soos God." Toe daardie klein leerstellinkie 'n beliggaamde geword het, het dit 'n vikaris geword: "In plaas van die Seun van God." Sien? O, goeiste! Daardie aaklige, misleidende gees! As julle dit wil lees, lees in Twee Tessalonicense 2:3, en julle kan sien waar dit is.

268 En, natuurlik, julle sal onthou Satan is die hoof van alle politieke mag, van elke nasie. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wil julle dit neerskryf? Matthéüs 4:8: "Satan het Jesus bo-op 'n hoë berg geneem, en hy het vir Hom al die koninkryke van die wêreld gewys, wat ooit was of ooit sal wees, in 'n oomblik se tyd." Praat van 'n persoon! Hy het gesê: "Ek sal hulle vir u gee, as u my sal aanbid." En Jesus het geweet dat Hy hulle sou beërwe.

269 Dis wat hulle sê: "Wel, julle arme klomp holy-rollers!"

270 Wel, ons kry die wêreld! "Die sagmoediges sal die aarde beërwe." Dis wat Jesus gesê het. Sien? Sien?

271 Let op, Jesus het geweet Hy sou hulle beërwe, so Hy het gesê: "Gaan weg, Satan. Daar staan geskrywe," weer direk terug by die Skrif, julle sien: "'Jy moet die Here aanbid, en Hom alleen.'" Sien?

272 Nou—nou wanneer—wanneer hy, wat hoofdemoon is, beliggaam in hierdie super, godsdienstige man, soos die Bybel voorspel, dan verenig hy sy kerk en staat. Albei sy eie magte verenig saam. Sien?

273 Toe die antichris gees uitgegaan het, was dit 'n gees. Toe word dit wat? Toe word dit . . . Hou nou hierdie Seël dop. Toe die gees uitgegaan het, was dit antichris, teen die leer van Christus. Goed. Die volgende ding gedoen . . . Wat Christus uitgegaan het om vir Sy Kerk te doen, Dit was teen sonde. "O, Dit beteken nie dit nie. Dit beteken dit nie. Dit was vir iemand anders. Dis, dis in die honderde jare gelede, destyds. Dit, dit is nie vir ons nie." Sien? Dit, sien, *anti*: "teen." Dan word dit . . .

274 Nou, die ruiter het uitgegaan, hy—hy het geen kroon gehad nie, maar hy is een gegee. Daardie wit perd; hy het 'n boog gehad, geen pyle nie. Sien? So toe, toe hy uitgegaan het . . .

275 Toe, na 'n ruk, is hy 'n kroon gegee, want jy kan nie 'n kroon op 'n gees se kop sit nie. Maar, toe, hierdie gees beliggaam word in die tweede werk van sy—van sy dispensasie van sy mistiek, die tweede werk, word hy 'n gekroonde, valse profeet, vir die werking van die antichris gees. Nou, ons sien hom nou daar. Nou word hy dit, wanneer hy dit neem. Dan, hy is, alreeds, beheer Satan die politieke magte van die wêreld.

276 Nou bereik hy 'n punt waar hy 'n universele kerkmag gaan maak, wat godsdienstige mag oorneem. En verstaan julle nie, my broers, dat in . . . Wanneer, hierdie nasie verskyn in die 13de hoofstuk van Openbaring, hierdie klein dier het opgestaan soos 'n lam. En dit het twee horings, burgerlike en godsdienstige mag, maar hy het dieselfde ding gedoen wat die dier voor hom gedoen het.

277 Dis vreemd, Amerika is nommer dertien, en 'n vrou. Dis snaaks, dit verskyn selfs in die 13de hoofstuk van Openbaring. Ons het begin met dertien strepe in die vlag, dertien sterre. Alles is "dertien, dertien, dertien, dertien," die heelpad. Alles is "vrou, vrou, vrou," die heelpad.

278 En dit sal uiteindelik daarop uitloop (ek voorspel dit), dat 'n vrou haar sal beheer. Onthou, dit was dertig jaar gelede, wat ek dit gesê het. En—en die—die sewe dinge wat ek voorspel het, vyf van hulle het alreeds uitgekom. En hulle het nóú die man daar om haar in te bring. En julle stem dit daar in, deur julle politiek. Ja. Huh! Goed.

279 Soveel om te sê, jy kan skaars uitkom by wat jy wil uitkom. Let nou op. Ek sal julle nie langer as net nog 'n klein rukkie hou nie, al moet ek oordra na môre-aand.

280 Kyk. Let op. Wanneer Satan . . . Nou, almal, wat, besef dat Satan alle politieke magte van die wêreld beheer. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy het so gesê. Matthéüs die 4de hoofstuk, kry jy dit, en die 8ste vers. Al die koninkryke behoort aan hom. Dis waarom hulle veg, oorlog maak, doodmaak. Nou onthou.

281 Is dit nie vreemd nie? Hulle is hierdie swaard gegee, om mekaar dood te maak. O, o, o, goeiste! Let nou op.

282 Nou, toe hy dit gedoen het, het hy nog nie die godsdienstige mag gehad nie. Maar hy het begin met 'n demoon van 'n valse lering. En daardie lering het 'n leerstelling geword. Daardie leerstelling het beliggaam geraak in 'n valse profeet.

283 En toe het hy net na die regte plek toe gegaan. Hy het nou nooit Israel toe gegaan nie. Hy het Rome toe gegaan; Nicaea, Rome.

284 Die raad is gehou, en hulle het 'n hoofbiskop gekies. En toe, deur dit te doen, het hulle kerk en staat saam verenig. Toe, het hy sy boog laat val. Hy het van sy wit perd afgeklim. Hy het op sy rooi perd geklim, want hy kan enigeen doodmaak wat nie met hom saamstem nie. Daar is julle Seël. Dieselfde kêrel! Kyk hoe ry hy voort na die Ewigheid daar oorkant, daarmee, sien, verenig albei sy magte saam.

285 Dieselfde ding wat hulle nou probeer doen, dieselfde ding, vandag. En 'n snaakse ding, miskien verstaan julle dit nie. Maar, vandag, uit 'n Baptiste groep in Louisville. . . Julle het dit oor die radio gehoor. 'n Spreker het opgestaan en. . . Hoeveel het dit gehoor? Reg. Sien? Goed, hier het jy dit. Hulle wil hê, en het nou in die kerk gevra, dat: "Ons hoef nou nie heeltemal, o, net soort van aan te sluit by die Katolieke kerk nie, maar ons moet darem soort van gemeenskap hê met hulle." Word. . . En terserlfdertyd dat dit in Louisville aangaan, maak God die Seëls hier oop vir Sy mense, om te wys: "Moet dit nie doen nie!" Sien hulle albei gelyktydig werk? Onthou, die kraai en duif sit op dieselfde slaapplek, in die ark. Sekerlik. Onthou net.

286 Nou vind ons uit, hy verenig sy mag, dan, wanneer hy beide staat en kerk, die godsdienstige, word. Wat gaan jy dan doen? Hy vorm sy eie godsdiens. En nou kan hy maak soos hy wil. Dan, het hy die mag om dood te maak wie ook al nie met hom saamstem nie. Dis ook presies wat hy gedoen het. En hy het dit net presies gedoen. En wat hy—hy. . . Hy het dit gedoen aan die ware heiliges van die lewende God, wat by die Woord gehou het en nie met hom wou saamstem oor sy dogmas nie. Hy het hulle doodgemaak.

287 Nou, Broer Lee Vayle, en julle leraars hier van die Nicaea eeu en die vroeë kerk, ek weet nie of julle dit gelees het of nie. As julle dit wil lees, dis in Schmucker se *Glorious Reformation*.

288 En dis daar, dat, toe Sint Augustinus van Hippo 'n priester geword het onder die Roomse kerk, het die geleentheid gehad, dat die Heilige Gees eenkeer op hom probeer kom het, en hy het Dit verwerp. Hoeveel weet dit, as 'n leraar? So, hy het die Heilige Gees verwerp. Dis presies wat, 'n tipe van die Protestantse kerk vandag, wat die Heilige Gees verwerp het. Hy het teruggegaan daar na Hippo, en hy was die einste een wat dit, daardie dokument geteken het, wat gesê het: "Die openbaring van God, dat dit reg was en God behaag, om elke persoon dood te maak wat nie soos die Rooms Katolieke kerk glo nie."

289 Nou luister. Ek haal aan uit die martelaarsgeskiedenis: "Vanaf die tyd van—van Sint Augustinus van Hippo, tot 1586," oor die Roomse martelaarsgeskiedenis: "het die Rooms Katolieke kerk agt-en-sestigmiljoen Protestante doodgemaak." Was sy swaard rooi? Het hy 'n op rooi perd gery? Wat was dit? Dieselfde mag; dieselfde ruiter. Daar is die Seël. Hulle erken: "agt-en-sestigmiljoen," op die martelaarsrol, behalwe al dié wat, nog

buiten dit, doodgemaak is. O, genade! Gedurende die donker eeue, is daar miljoene vir leeus gevoer, en op elke manier omgebring, omdat hulle nie wou buig voor daardie Katolieke dogma nie. Julle weet dit.

290 Hoeveel tyd het julle? [Gemeente sê: "Baie tyd. Heelnag."—Red.] Goed. Laat ek iets lees. Blaai nou saam met my, laat ek vir julle iets wys. Laat ons—laat ons hierdie ding voorstel, net vir 'n oomblik. Het my net te binne geskiet, en ons sal dit net lees. Kom ons blaai na Openbaring toe, na die 17de hoofstuk van Openbaring. Ons het nog vyftien minute oor. Goed. Nou luister nou baie, baie goed, soos ons lees. Julle wat julle Bybels het, en blaai, ek gaan julle net 'n bietjie tyd gee, sodat julle dit kan kry.

291 Het jy dit gekry, Lee? In Schmucker's is waar ek dit gekry het, sien: *Glorious Reform*, wat dit reguit uit die martelaarsrol van Rome, in die Vatikaan, aangehaal het.

292 Nou, dit was tot by die vervolging van Sint Patrick se mense. En dan noem hulle Sint Patrick hulle—hulle heilige. Huh! Sint Patrick was omtrent net soveel van 'n Katoliek as wat ek is; en julle weet hoeveel ek is. Sien? Hy—hy het die leerstellings van die kerk verag. Hy het geweier om na die pous toe te gaan. Ja, meneer. Sint Patrick het selfs . . . Wel, julle, was julle al ooit bo in Noord-Ierland, waar hy sy skole gehad het? Julle weet, sy naam was nie Patrick nie. Hoeveel weet dit? Sy naam was Sucat. Dis reg. Het sy sustertjie verloor. Julle onthou toe hulle . . . Sien? Goed.

293 Nou let op, 17de hoofstuk van Openbaring. Nou probeer elkeen net jou hart oopmaak. Laat die Heilige Gees jou nou onderrig.

> . . . *een van die sewe engele met die—met die sewe skale het* na my *gekom,* . . .

294 Nou, julle sien, daar is Sewe Skale. Julle weet, hierdie sewe's, soos ons deurgaan, hulle gebeur almal presies op dieselfde tyd; na die Plae, na die kerkeeue, net dieselfde, want dis alles verseël in daardie een Boek, alles. En alles gebeur net in rotasie; een gaan direk oor in die ander een, en die ander een, en die ander een. Daar is twee geeste aan die werk; God, en die duiwel. Sien?

> . . . *met die sewe* laaste *skale het gekom, en* hy *het met my gespreek, en gesê* . . . *Kom* hierheen; en ek sal jou toon . . . *jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit:*

295 Nou kyk hier, hierso, daardie: "waters."

296 "Hoer," wat is dit? Dis 'n vrou. Kan nie 'n man wees nie. En wat het die vrou gesimboliseer in die kerk, in die Bybel? Kerk. Hoekom? Christus se Bruid, ensovoorts; julle sien, dis vrou, die kerk.

297 Nou: "waters," wat beteken dit? Kyk hier. Lees die 15de vers daarvan daar.

En hy sê *vir my, Die waters wat jy gesien het, wat die hoer op sit, is volke, . . . menigtes, . . . nasies, en tale.*

298 Hierdie kerk het oor die hele wêreld geregeer, sien: "Het op baie waters gesit."

met wie die konings van die aarde gehoereer het, geestelike hoerery (aanvaar haar leerstelling, Nikolaïetiese leerstelling), *en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar* hoerery.

299 Man, praat van 'n dronk spul, daarop! Jy . . .

So hy het my in die gees weggevoer na die woestyn: en ek het 'n vrou sien . . .

300 En het julle geweet wat? Die Katolieke se eie geskrifte erken hierdie is hulle kerk. Hoeveel weet dit? Reg in hulle eie geskrifte. Ek het *Facts Of Our Faith*, word dit genoem, nou, sien; behoort aan 'n priester. Goed. Goed.

En *hy het my in die gees weggevoer na die woestyn: en ek het 'n vrou sien* sit *op 'n skarlakenrooi* geklede *dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.*

301 Nou kyk net daarna, daardie simbool, daardie "sewe koppe." Nou sien julle hier waar Dit gesê het: "En die—en die—en die . . . Die koppe wat jy gesien het, is sewe heuwels waarop die vrou sit." Rome sit op sewe heuwels. Sien? Nou daar is geen fout daarmee nie, sien: "Sewe koppe." "En tien horings," julle weet, is tien koninkryke, ensovoorts.

En die vrou was bekleed met purper . . . skarlaken, . . . versierd in *goud en kosbare stene . . . pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van* gruwel—gruwel van die *onreinheid van haar hoerery:*

302 Daardie antichris gees: "hoerery," sien: "lering," wat ontug pleeg met God. Sien? Nou, sy is veronderstel om 'n Bruid te wees, sien; en pleeg 'n ontug. Sien? Net soos Eva het, net soos die kerk daar doen. Sien?

En op haar hoof was geskrywe*, 'n naam geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, . . .*

303 En enigiemand weet, "BABILON," is Rome.

. . . DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE.

304 En luister na die 6de vers.

En ek het die vrou gesien, dronk *van die bloed van die heiliges, en van die bloed van die getuies van Jesus: en ek het my uitermate verwonder, toe ek haar sien.*

305 Sy was so 'n pragtige ding, met kruise en alles op haar! "Hoe op aarde kon sy die skuldige wees om die bloed van die heiliges te drink?" Dit het hom dronkgeslaan. Nou gaan Hy vir hom vertel.

Toe sê die engel vir my, Waarom het jy jou verwonder? Ek sal *jou die verborgenheid van die vrou vertel, en . . . die dier wat haar* gedra het, . . .

306 Nou, hierdie is nie onder een van die Seëls nie. Dit is iets anders, sien.

En hy het gesê . . . *die sewe koppe en* die *tien horings*.

Die dier . . . wat jy gesien het, was en is nie; en sal uit die afgrond opkom (het geen fondament nie, die pous), *en* sal *na die verderf vaar: en die bewoners* van *die aarde, wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die* Lam se *Boek van die Lewe geskryf is nie,* (daar's die Uitverkorenes, sien), *sal hulle verwonder, . . .*

307 Hoe, wanneer is jou naam in die Boek van die Lewe geskryf? By daardie herlewing wat jy bygewoon het? Nee, meneer. "Van die grondlegging van die wêreld af."

. . . *as hulle die dier* sien *wat was, . . . nie is nie, alhoewel hy is*.

308 Sien: "die dier," een sal sterf, 'n ander een kom in sy plek. "Hy was; hy was nie. Hy was; hy was nie. Was; hy was nie." En sy sal op dié manier voortgaan, tot in die verderf. Sien? Goed.

En hier kom—en hier kom die verstand wat *wysheid* het, *te pas*.

309 Hoeveel weet daar is nege geestelike gawes, en een van hulle is wysheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

Die sewe koppe is sewe berge, waar die vrou op sit.

310 O, jy sou totaal blind, doof en stom moes wees, om dit nie te begryp nie. Sien? Goed.

. . . *hulle is sewe konings: vyf het geval, en een is* (Nero), *en* . . . een moet nog *kom; en wanneer hy kom, moet hy* net *'n kort tydjie bly*.

311 Julle onthou wat hy gedoen het. Het die stad verbrand, en die Christene daarvoor blameer. En sy moeder op 'n disselboom van 'n perd gesit en haar deur die strate gejaag. En viool gespeel, terwyl Rome gebrand het. Goed.

die dier wat was, en nie is nie, is self ook die agtste, . . .

312 Heidense Rome, gebring tot pouslike Rome. Toe die geïnkarneerde antichris gees beliggaam, en gekroon is, is hy 'n bekroonde koning van Rome gemaak, beide in staat en kerk, tesame. O, broer! Sien, dis net vol daarvan. Sien?

. . . *is* . . . *die* sewende, *en* hy *gaan* . . . (Hoe lank bly hy? Hulle verander nooit die stelsel nie.) . . . na die *verderf*.

. . . die tien horings wat jy gesien het, is tien konings, wat nog geen konings se koningskap *ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.*

313 Dis natuurlik diktators, julle sien. "Hulle het een gesindheid." Nou, kyk hier. En hulle praat van kommunisme. Sien?

Hulle het een gesindheid, en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier.

Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin: want Hy is die Here van die heer*, en die Koning van die konings: en dié wat saam met Hom is, geroepe, . . . uitverkore, en getrou.*

En hy sê *vir my, Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke, . . . menigtes, . . . nasies, en tale.*

. . . die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat, en daardie verbond word verbreek . . . (Ek het gisteraand daaroor gepraat.) *. . . en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet, en haar met vuur verbrand.*

314 Weet julle nie die Bybel sê dat die skeepsbase, en almal anders, gesê het: "Wee, wee, daardie groot stad! Hoe is dit in een uur verwoes!" nie. Sien?

Want God het *dit in hulle harte gegee om Sy doel uit te voer, en om eensgesind te wees, en hulle* heerskappye *aan die dier* oor *te gee, totdat die* woord *van God volbring is.*

. . . die vrou wat jy gesien het, is daardie groot stad, wat heerskappy voer oor al *die konings van die aarde.*

315 Sê my van een. Rusland regeer nie oral nie. Ons regeer nie oral nie. Daar is net een koning wat regeer oor elke . . . soos daardie Nebukadnésar se yster wat uitloop in elkeen van daardie tone. Dis Rome. Rome doen dit nie as 'n nasie nie; dit doen dit as 'n kerk. Elke nasie onder die hemel is by Rome.

316 Geen wonder nie, hulle het gesê: "Wie kan teen hom oorlog maak?" Hy kan sê: "Vrede," [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] dit handel dit af. Elke Katoliek sê: "Dis: 'Moenie veg nie,'" en—en hulle veg nie. Dis al. "Wie kan doen wat hy kan doen?" Niemand nie. Dis reg. "So hulle is verwonderd oor die wondere wat hy kan verrig." Hy kan oorlog beëindig. [Broer Branham klap sy vinger een keer.] Al wat hy hoef te doen, is net te sê: "Stop." Dis al. Maar dink julle hy sal dit doen? Natuurlik nie.

317 Let op, dit wys beslis: "Hulle moet mekaar doodmaak. Hulle moet mekaar doodmaak." Sy boog het aanvanklik geen pyle gehad nie, maar sy "groot swaard" het. Hy het sy slagting later

aangerig, en het verander van wit perd na rooi perd; dieselfde, presies, duiwel, met sy swaard.

318 Wat het Jesus gesê? Jesus het gesê: "Hulle wat die swaard opneem, sal daardeur omkom." Moenie terugveg nie. Sien? Jesus, daardie nag toe Hy dit vertel, gesê het, en Petrus sy swaard opgeneem het. Sien? Doen net wat Hy gedoen het, gaan net voort.

319 Nou, nou onthou, hy het 'n swaard. Hy gaan uit, 'n swaard in sy hand; ry, rooi perd, waad deur die bloed van almal wat van hom verskil.

320 Verstaan julle dit nou? [Gemeente: "Amen."—Red.] Hoeveel verstaan nou wat daardie Seël is? ["Amen."] Goed. Nou, wat het Jesus gesê? "Hulle wat die swaard opneem, sal deur die swaard omkom." Is dit reg? Goed. Goed. Hierdie ruiter en al sy koninkryk se onderdane wat doodmaak deur die eeu heen, wat al hierdie bloed vergiet het van die martelare van die heiliges, sal doodgemaak word deur die Swaard van Jesus Christus wanneer Hy kom. "Hulle wat die swaard opneem, sal deur die swaard doodgemaak word." Hulle het die swaard van dogma en antichris geneem, en die egte, ware aanbidders afgemaai, deur al die eeue heen, by, wel, by die miljoene. En wanneer Christus kom met die Swaard, want dis Sy Woord wat uit Sy mond uitgaan, sal Hy elke vyand verslaan wat daar voor Hom is. Glo julle dit? "Die vyand doodmaak."

321 Laat ons net vir 'n oomblik soontoe gaan, Openbaring. Ons sal nou sien of ek dit net sê, en of die Woord dit sê. Openbaring 19:11.

> *Toe het ek die hemel geopend gesien* (amen), *en daar was 'n wit perd; en Hy wat* op *hom sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.*
>
> *En sy oë was . . .* die vuurvlamme, *en op sy hoof . . . baie krone; . . .*

322 O, broer! Sien, Hy is reeds deur Sy heiliges gekroon, julle sien.

> *. . . en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe . . . Hy self.*

323 Onthou, ons—ons kan nie, ons weet dit nie, sien, wat dit is nie. "En hy was bekleed . . . " Laat ons kyk.

> *En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was: en Sy Naam word genoem* (nie "is" nie, maar "genoem") *Die Woord van God.*

324 Want, Hy en die Woord is dieselfde. Sien? Nou let op, nie "Sy name" nie. Uh-huh! "Sy Naam word genoem 'Woord van God.'" Dit ken net een Naam; geen ander naam nie.

En die leërs van die hemel, *in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein, fyn linne.* (Dis die geregtigheid van die heiliges. Sien?)

325 Nou kyk. Wat het Jesus gesê? "Hy wat die swaard opneem . . ." Goed, ruiter op die rooi perd, hier tot waar sy kom. "Hy wat die swaard opneem . . ." Jy mag agt-en-sestigmiljoen van hulle doodgemaak het, deur hierdie eeue heen, sedertdien; miskien nog meer. Maar Jesus het gesê: "Hy wat die swaard opneem, sal daardeur omkom." Kyk.

En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard, . . .

326 Hebreërs, die 4de hoofstuk, het gesê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat sny tot op die murg van die been." En wat doen Dit, die Woord? "Dis 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Reg.

. . . uit sy mond gaan daar 'n skerp tweesnydende . . . *'n skerp swaard, sodat Hy die nasies daarmee kan slaan: en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer: en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en* van *die toorn van God, die Almagtige.*

En Hy het *op Sy kleed en op Sy heup 'n Naam wat geskrywe is, DIE KONING VAN* KONING, *EN DIE HERE VAN DIE HERE.*

327 Soos die bedrieërs, teen die Woord van God, en omdat hulle nie wou saamstem nie, en hierdie ding . . . wat Satan geplaas het, het die politieke magte wat hy gehou het, en die geestelike magte wat hy gehou het, saam verenig, en het 'n kerk gemaak wat tot in elke nasie strek. En hy het miljoene der miljoene gedood . . . na hy van sy wit perd afgespring het, op sy rooi perd, en hy sy swaard geneem het en uitgegaan het.

328 Maar God het gesê: "Met dieselfde Ding wat hy verdraai het, of probeer verdraai het, deur 'n valse lering; daardie selfde Woord sal in krag opstaan, voortkom van die lippe van Jesus Christus, en sal hom verslaan, en alles voor Hom." Amen.

329 Daar is die Tweede Seël. Het julle Hom lief? [Gemeente: "Amen."—Red.] O, goeiste! Dis SO SPREEK DIE HERE. [Gemeente is grootliks verheug.] Eer aan God! As al hierdie ander openbarings, en visioene, en alles, nie net presies op die—op die punt getref het nie! En hoeveel weet dit? Steek jou hand op. Honderde, almal hier, met hulle hande omhoog. Dis reg. So sal Dit wees! Onthou, dis so. O, vriend!

Kom na die Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Immánuel's aar;
Waar sondaars, gedompel onder die vloed,
Elk' sondevlek verloor.

330 Kom, glo in Hom, as jy nooit het nie. Moenie enige kanse vat nie; moenie, moenie, as daar enigiets in jou lewe is nie, vriend.

331 Ons is hier. Iets gaan gebeur. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] Ek weet nie hoekom nie. Ek weet nie wanneer nie. Ek weet wat gaan gebeur, maar ek weet nie wanneer dit gaan gebeur nie. Maar dit moet wees, want Hy openbaar dit nou. Hy doen nie enigiets, tensy Hy dit bekendmaak nie. Amos 3. Hy maak dit eers bekend. En Hy het belowe dat hierdie dinge in die laaste dae sou kom. En die sewende kerkeeu, teen die einde daarvan, wanneer die boodskapper aangekom het, daar sou dit wees. Dit sou geopenbaar word, daardie gebreekte Seëls sal geopenbaar word, en hier is Hulle. Nou, dis in die Naam van die Here. Glo Dit, vriend. Ja, meneer. Kom uit Babilon uit!

332 Ek wil iets sê voor ek afsluit. Want, ek het . . . Ek het dit net as nege-dertig. Dit is nou net mooi tyd.

333 Ek en Billy, toe ons van die vliegtuig afgeklim het, in Indië, ons laaste reis soontoe. Ek het 'n—'n koerant gesien wat hulle gebring het, was in Engels geskryf. En daar het gestaan: "Die aardbewing moet verby wees; die voëls kom terug." Toe is die besonderhede daar gegee. Hulle . . . Daar het iets snaaks gebeur.

334 Indië het nie gevlegde heinings soos ons het nie. Hulle tel klippe op, en maak hulle heinings. En hulle bou baie van hulle huise uit klip, pak hulle net daarop. En dis warm daarrond, o, enige plek, byna, in Indië, tensy jy bo in die berge is. En oral daar deur Calcutta en so, lê die mense sommer so op die strate, en sterf van die honger, ensovoorts.

335 Nou, so, en hulle bou hulle huise in torings, van hulle huis. Hulle laat loop die—die heining tot reg hier, na die kant van hulle huis toe. Bou die toring vir hulle huis, en die toring miskien waar hulle hulle put het. Hulle het dit gegrawe vir hul beeste en goed, toe hulle heinings daarom laat loop.

336 En, ewe skielik, het iets begin gebeur. Die klein voëltjies, julle weet, gaan in daardie klippe in, en hulle bou hulle neste en maak hulle kleintjies groot. En iets het begin gebeur.

337 Elke dag, as dit warm sou word, sal al die beeste naderkom en onder die skaduwee van daardie mure kom staan; om koel te bly.

338 En al die voëltjies lewe in daardie plekke. En, ewe skielik, het al daardie voëltjies, om een of ander onbekende rede . . . Nou, julle weet wat ons nou die dag gesê het oor klein voëltjies. Sien? Een of ander onbekende rede, het hulle almal weggevlieg. En hulle het uitgegaan, en nie na hulle neste toe teruggekeer nie. Hulle het in die veld uitgegaan, en hulle het in die bome gesit, en waar hulle ook al kon, of sommer op die grond.

339 Die beeste wou nie naby kom nie. Die skape wou nie naby kom nie. Hulle het daar in die veld gebly, en teen mekaar aangebondel. Dis 'n goeie ding om te doen. Hulle het geweet iets gaan gebeur.

340 Toe, ewe skielik, het 'n aardbewing plaasgevind, en die mure platgeskud, die heinings om, en alles anders.

341 Toe begin die voëltjies terugkom. Het vir drie of vier dae nooit teruggekom nie; toe begin terugkom. Hulle het gesê: "Wel, die aardbewings moet nou oor wees; die voëls kom terug."

342 Hoekom? Glo julle nie dat dieselfde God wat daardie voëls en beeste en skape, in die dae van Noag, in die ark kon laat ingaan het, Hy nog dieselfde God is wat hulle na veiligheid kan laat vlug nie? Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

343 Nou laat ek iets sê, broer. Daar gaan iets gebeur. En al hierdie groot, ou kerklike mure gaan omval, en reguit teruggaan soontoe, en saamstem. Want, hulle gaan dit doen, so seker as wat ek hier staan. Daar is "'n beeld vir daardie dier," net so seker as wat ek hier staan; en hierdie nasie het dit geneem, volgens die Woord van die Here. Luister, as jy daardie klein, snaakse gevoel kry, gee pad van daardie mure af. Gee pad! Jy sal doodgaan daarbinne. Moet dit nie doen nie! Kom uit daar! Gee pad van al hierdie goed af! Vlug na veiligheid, so gou as julle kan. Vra God om genade.

344 Moenie net aanvaar nie, iets soos: "Wel, my moeder was Metodis, so ek veronderstel ek sal ook wees. My pa was Baptis; ek sal ook wees." Moet dit nie doen nie. Moenie—moenie enige kanse vat nie.

345 Ek gee nie om hoe eenvoudig en nederig Dit lyk nie; Dis die Woord van die Here. Vlug na Jesus Christus toe, net so vinnig as jy kan, en bly daar totdat God jou vul met Sy Heilige Gees. Want die uur gaan kom, wanneer jy Daarna gaan soek, en Dit sal nie meer daar wees nie. So, maak seker jy doen dit.

Kom ons buig ons hoofde, net 'n oomblik.

346 Hemelse Vader, o, soms staan ek—ek net hier, Here, en—en ek bewe. Ek dink aan daardie aaklige uur wat naderkom, en ek. . . Daar is geen manier om dit te stop nie. Daar is voorspel dat dit sou kom. En ek dink aan: "Waarom kom die mense nie, en—en—en luister nie? En sal hulle nie kom en Dit aanvaar nie?" Maar, natuurlik, ek weet dat—dat U—U gesê het hulle sou nie, so hulle sal nie.

347 Maar daar is sommige wie se name geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe. En wanneer daardie Seëls daar oopgegooi word, sien hulle hulle naam daar, en praat die Heilige Gees met hulle. Hulle kom. Jy kan hulle nie weghou nie; niemand kan nie, niemand nie. Hulle kom, in elk geval, want U lei hulle soos U daardie voëltjies, en die skape en die beeste gelei het. U is God! Een of ander instink wat daardie diere het, dat hulle weet dat hulle moet padgee! En as instink, vir 'n dier, hom kon waarsku om van gevaar af weg te vlug, wat behoort die Heilige Gees te doen vir 'n Kerk wat daarop aanspraak maak om Daarmee vervul te wees!

348 God, wees ons genadig! Vergewe ons almal, Here, ons tekortkominge. Ons bedoel nie om hier in hierdie preekstoel te staan en hierdie mense teen die mure langs te laat staan, en hulle ledemate pyn, en dan net te laat weggaan en sê: "Wel, dit klink baie goed," nie. Here, ons wil iets daaraan doen. Ons, ons wil hê U moet ons harte ondersoek. As daar enigiets verkeerd is, Here, laat ons nou weet. Laat ons asseblief nie by daardie uur, daar oorkant, uitkom, wanneer dit te laat is nie. Ondersoek my. Toets my, Here.

349 Hier, ek staan hier deur die genade van God, daardie Seëls daar anderkant gebreek te sien word, en gekom, om die mense te vertel. Terwyl, U weke gelede voorspel het dit sou so gebeur. En, Vader, hier is Dit nou, reg voor ons.

350 Nou, Here, toets my. Ondersoek my. Ondersoek my, in my hart. Here, ons wil nie . . . Ons, ons wil hê U moet in ons lewens inkyk. En as daar enigiets daarin is, wat nie reg is nie, sê dit net vir ons, Here. Ons wil dit, sommer nou, regmaak; sommer nou, terwyl daar 'n Fontein is, gevul met Bloed, terwyl daar 'n —'n bleikmiddel is, wat ons sondes en ongeloof kan reinig. Ons wil ons siele daaronder dompel; al ons ongeloof. God, help ons ongeloof; neem dit weg van ons af, Here.

351 Ons wil wegrapingsgenade ontvang. Ons wil in staat wees, wanneer daardie verborge Donderslag daar oorkant dreun, en die Kerk opgeneem word, wil ons gereed wees om Dit te ontvang. Here, skenk dit.

352 Toets ons, Here, deur U Woord. Laat ons Dit ondersoek. En as ons sien dat ons gefaal het . . . As daar diegene hier is, Here, wat in titels gedoop is; en niks geweet het van die egte, ware doop nie! Mag ek so getrou wees soos Paulus . . .

353 Toe hy deur die boonste kusstreke van Efése gereis het, en hy dissipels gevind het, wat skree, en uitroep, en 'n wonderlike tyd geniet. Hy het vir hulle gesê: "Het julle toe die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?" Hulle het nie geweet of daar enige so-iets was nie. Hy het gesê: "Tot wat was julle dan gedoop?" En hulle was gedoop deur daardie glorieryke, heilige profeet, maar hulle is net tot bekering gedoop. Toe is hulle oorgedoop, in die Naam van Jesus Christus. En Paulus het hulle beveel om oorgedoop te word.

Here, in die Lig van U Woord!

354 Ek beveel elke persoon, wat nie gedoop is in die Naam van die Here Jesus Christus nie, om hom na die water te haas, baie vinnig, terwyl jy 'n geleentheid het.

355 Julle wat nog nie gevul is met die Heilige Gees nie; ek beveel julle, in die Naam van die Here Jesus Christus, val op julle knieë. En moenie opstaan voordat die Heilige Gees julle deeglik geheilig het, en julle gevul het met Sy liefde en goedheid nie; totdat jou siel so tevrede is in die Teenwoordigheid van God, dat

jou hele begeerte is om Hom te dien en vir Hom te lewe, en saam met Hom te werk, vir die res van jou lewe.

356 Skenk dit. Ek bid dat God julle hierdie opdrag sal gee, in Jesus Christus' Naam.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het

Het julle Hom regtig lief? Steek nou julle hande op.

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

357 [Broer Branham begin neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.] As daar eniges sit, wat vanaand hulle behoefte voel, voel dat hulle 'n behoefte het om gedoop te word, of die doop van die Heilige Gees nodig het. Jy ken jou behoefte; dis aan jou geopenbaar, en jy wil hê daar moet in gebed aan jou gedink word. Daar is nie een van ons wat Dit vir jou kan gee nie. O, ons kan jou doop. Maar, die enigste ding, ons kan nie vir jou die Heilige Gees gee nie. Net God alleen doen dit. Maar jy het jou behoefte gevoel, dat God met jou hart praat, dat jy Dit nodig het, en jy wil hê ons moet in gebed aan jou dink. Sal jy opstaan, sodat ons jou kan uitken, weet wie jy is? God seën julle. 'n Behoefte? Die Here seën jou.

358 Ek reken daar is omtrent 'n honderd-en-vyftig, wat hier staan. Is miskien so, as ek almal kan sien. Ek weet nie wat in die kamers, en buite rondom is, wat hulle hande op het, ensovoorts nie. Maar jy het 'n behoefte.

Nou kom ons bid.

359 Nou, julle wat daardie mense naby julle sien staan. En hulle staan as 'n getuie, voor Christus: "Ek—ek—ek het U nodig, Here. Ek het U nodig. Ek—ek vertrou ek is—ek is een van diegene wat vanaand my naam gaan vind agter daardie Seël daar oorkant, wat Daarop geplaas was van die grondlegging van die wêreld af. Iets het my hart getref, Here, en ek staan. Is dit ek? Roep U my? Ek wil hê U moet, vir my, my naam Daar openbaar. Vul my, en verseël my in Uself, deur die Heilige Gees." Julle wat alreeds ingeseël is, ek wil hê julle moet opstaan. Draai om na hulle, en lê julle hande op hulle, om vir hulle te bid. [Broer Branham wag—Red.] Wees nou dodelik ernstig. [Die hele gemeente begin bid.]

360 Hemelse Vader, in die Naam van die Here Jesus, laat die groot Heilige Gees op hierdie gehoor beweeg, soos 'n ruisende wind, en roep elke hart hier aan, Here. En stuur die doop van die Heilige Gees af, op hierdie mense.

En daar is water wat wag.

361 "Terwyl Petrus nog hierdie woorde spreek, het die Heilige Gees op hulle geval wat die Woord gehoor het, en hulle is almal gevul met die Heilige Gees."

[Die hele gemeente gaan voort met gebed—Red.]

Die Tweede Seël AFR63-0319
(The Second Seal)
Die Openbaring Van Die Sewe Seëls reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagaand, 19 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org